

T

- ta I:** — *taat/tata/tate/tatte* — , vader; grootvader; ouerige mens; Ndl. *ta/taat/tate/tatte* (veral in dial. Ndl. en in kindt., vgl. Kloe HGA 202–3); in 'n mate intern. wd. in kindt., vgl. Port *tata*, Eng. *dad(a)/daddy*, Hott. *dada-b* en in versk. vorme v. Bant. *tata/tate/tati*, veral hoë frekw. in sk. *outa*; in Ndl. aan 't uitsterwe, in Afr. veral op inboorlinge toeg.
- ta II:** geen wv. nie; bep., maar nie-spesifiek genoemde, ml. pers. of dier, ong. = *dinges*, maar gew. in ongunstige sin, bv. “onwettige diamanthandel het *ta* ('n pers. ter sprake) in moeilikheid laat beland”; “die volgende môre het *ta* (jakkals, leeu, tier) by die kraal in die slagyster gesit”; hou misk. verb. m. **ta I**, maar mntl. byg. aan **tater** (q.v.) as skelw.
- ta III:** “gee; dankie” (in kindt.); Eng. *ta* (1772) d. NED as uitrw. beskou, wsk. sg. “Lallwort” v. d. kleutert.
- taai:** buigsam; klewerig; moeilik; sterk; Ndl. *taai* (Mnl. *ta(e)y*), Hd. *zäh*, Eng. *tough*, herk. hoërop onseker.
- taibos:** pln. (*spp. Rhus*, fam. *Anacardiaceae*), vgl. Scho PD 91 m. datg. by Bur, ben. vlgs. Mar 79 n.a.v. taaiheid v. hout; mntl. 'n leenv. uit Hott., want die taibos is verw. aan d. karee en lg. hou blb. verb. m. Na. *!kari* of *!gari*, “hard, taai” (v. Nien HOTT s.v. *hard* II); vgl. Watt-BB 1433.
- taiman:** pln. (*Sida rhombifolia*, fam. *Malvaceae*), vlgs. Mar 79 ben. n.a.v. taai bas.
- taak:** opdrag, (pligs)werk; Ndl. *taak* (by Kil *tæck(s)e*), Eng. *task*, uit Pik. *tasque* (Ofr. *tasche*, Fr. *tâche*), uit Ll. *tasca* uit *taxa*, wat verb. hou m. Lat *taxāre*, “skat” (iemand se waarde/werk=vermoë word bv. geskat en sy taak dienooreenkomstig bepaal).
- taal:** wat gesprek of geskrywe word; Ndl. *taal* (Mnl. *tāle*, “spraak; verhaal; woorde”), Hd. *zahl*, “getal”, Eng. *tale*, “verhaal”, hou verb. m. *betaal*, *getal*, *tal*, (*ver*)*tel*, **tel I**; meningsverskille oor verb. hoërop (v. dVri J NEW).
- taamlik:** gangbaar, matig, redelik; Ndl. *tamelijk* (Mnl. *be-/ghetāme* naas (*be*)*tāmelijc*, “behoorlik, passend”), Hd. *ziemlich*, blb. hoofs. Germ., herk. hoërop onseker.
- taan:** dof word, glans verloor; afneem, verflou; Ndl. *tanen* (Mnl. *tanen*, “kleur/verf gee; kleur verloor”), Eng. *tan*, “bruin kleur kry”, wsk. via Ofr. *taner* (Fr. *tanner*), “bruin maak, looi”, wsk. verb. m. Ll. *tannum*, v. Kel. herk. en in bet. “eik(ebas)”.

taat v. **ta** I.

tabak: pln. (*Nicotiana tabacum*, fam. *Solanaceae*); Ndl. *tabak*, maar sedert 16e eeu geleidelik intern. wd., uit Sp. *tabaco* (wsk. uit Tai.), v. ook **twak**.

tabakbos: pln. (*Senecio halimifolius*, fam. *Compositae*), ben. n.a.v. uiterlike ooreenkoms m. *spp. Nicotiana*, vgl. Mar 79.

tabberd: — *tawwerd* —, “rok”; Ndl. *tabberd/tabbaard* (Mnl. *tabb(a)ert*), uit Ofr. *tabard*, wu. ook Eng. *tabard*, herk. hoërop onbek.

+ **tabeetjies**: — *tawweetjies* —, gew. mv., geskenke (veral aan inboor=linghoofde); wsk. via Ndl. *tabeetjes*, uit Mal. *tabik*, Jav. *tabé*, “begroeting” — uit Ndl./Afr. wsk. ook Hott. vorme (v. Nien HOTT s.v. **begroeting** II); vgl. verder Frank TB 48, 157, 167 No. 36.

taboe: iets wat verbied is of vermy moet word; Ndl. *taboe*, Eng. (1777) *taboo/tabu*, Hd. *tabu*, Fr. *tabou*, uit Tonga. (Pol.) *tabu*.

+ **tafelgenees**: tafellinne; Ndl. *tafel* + *guinees/ginees linnen*, v. **genees** II — oor vraag of dit verb. hou m. d. naam v. d. land Guinee (wat aan *goien/goiing* ten grondslag lê) of m. Port. *guingao* (’n bep. tekstielstof) heers onsekerheid, vgl. Frank TB 132–3.

tag: uitr. ter beklemtoning; wsk. geabst. uit d. plat uitspr. v. wd. soos *magtig* as *magtag*.

tagtig: — *taggentig* (soos in Mnl. na d. vb. v. *sewentig* en *negentig*) —; Ndl. *tachtig* (Mnl. en nog dial. *tachtentig/tachtentig*) gevorm uit Ndl. *acht*, Afr. *ag(t)* met prot. *t* uit slotkons. v. Germ. vorme soos Os. *ant-* of Oeng. *hund-*, “tiental”, + suf. *-tig* (soos in Got. *-tigjus*, “tiental”), dus eint. = “tiental maal *ag(t)* maal *tiental*” teenoor vorme sonder prot. *t* soos Hd. *achtzig* en Eng. *eighty*.

takel: seilskiptoerusting, katrol- en toustel; Ndl. *takel* (Mnl. *takel*), Hd. *takel*, Eng. *tackle* (wsk. uit Ned. of Ndl.); hierby ww. Ndl. *takelen*, “(skip) toerus; ophys”, Afr. *takel*, “aanval, afransel”.

takhaar: onverfynde mens (veral plattelandse manspers.), i.v.m. sem. ontw. vgl. Eng. adj. *unkempt*, (lett.) “ongekam”; vgl. Pet A 492.

+ **talie**: katrol (leef veral nog in sk. *rondomtalie*); wsk. Ndl. seemt. waar *talie* via Fr. *taille* uit It. *taglia*, “gleuf, keep, kerf” (v. d. katrol) uit Lat. *talea*, “afgesnyde stuk”, vgl. Eng. *tail* en *tally* in bet. “afgesnyde stuk”; vgl. Bosh VT 160–1.

talk I: harde vet; Ndl. *talk* (Mnl. *talch/tallick*, by Kil *talch/talgh*), Hd. *talg*, Eng. *tallow*, herk. hoërop onbek.

talk II: vetterige gesteente; Ndl. *talk*, soos Hd. *talk*, Eng. *talc* via Fr. *talc* uit Sp. *talque* of Port. *talco* uit Lat. *talcum* uit Arab. *talak*.

talm: draai, draal, uitstel; Nnl. *talmen*, “langsaam werk; seur”, Fri. *talmje*, “draal, talm”, Meng. *talmen*, “mis”, herk. hoërop onseker.

tamaai: groot; Mal.-Port. *tama(a)joe* uit Port. *tamanho* uit Lat. *tam magnum* (*tam*, “so”, *magnum*, “groot”) — wd. en bet. by Cha, verb. m. Port. by Mans KHI, verb. m. Mal.-Port. by Schu KS IX en daarna by Hes HA¹ e.a.

tamaletjie v. tameletjie.

tamarak: booms. (*Larix americana* (*laricana*), fam. *Pinaceae*); Eng. *tamarack* (uit Am.-Inda.).

tamaraka: uittjieagtige plant m. slymerige onderstingel, ook bek. as *slymstok* (*spp. Albuca*, fam. *Liliaceae*); herk. onbek. (Hott. of Bant.?). Formeel moeilik te skei v. **tamarak**, **tamarinde**, **tamarisk**; v. ook **vinkeiers**.

tamarinde: booms. (*Tamarindus indica*, fam. *Leguminosae*); Ndl. (reeds by vLin) en Hd. *tamarinde*, Eng. *tamarind*, Fr. *tamarin*, It., Port. en Sp. *tamarindo*, uit Ll. *tamarindus* uit Arab. *tam(a) hindi* (*tam(a)r*, “dadel”, *hindi*, “Indies”, dus “Ind. dadel”, vgl. egter vWel VAH 341).

tamarisk: booms. (*spp. Tamarix*, fam. *Tamaricaceae*, ook ander Eur. soorte); Ndl. *tamarisk* (na Kil), Eng. *tamarisk*, Fr. *tamaris*, Ll. *tamariscus*, hou verb. m. Arab. *tam(a)r*, “dadel”, vgl. **tamarinde**; v. ook **dawee**.

tamaryn: 1. pln. = **tamarinde** en dan mntl. uit Fr. vorm sonder slot-*d*, nl. *tamarin*; 2. vrug en sap v. d. tamarinde — sap as geursel in *tamaryntabak* gebr. en ook as lakseermiddel; vgl. *tamaryn-water* by Scho TWK/NR 7, 2, p. 30 met aanh. uit Duminy.

tamatie: vrug- en pln. (*Lycopersicum esculentum*, fam. *Solanaceae*); Ndl. (na Kil) *tomaat*, Fr. en Sp. *tomate*, uit Nah. *tomatl*, met Afr. *a* uit swak beklemt. *o* in eerste letg. en *-ie* uit slot-*e* (d.w.s. uit vorm soos *tomate*, misk. uit mv. *tomates*) in laaste letg.

tamatiepruim v. persimmon.

tamboekiedoring: pln. (*Erythrina acanthocarpa*, fam. *Papilionatae*); eerste lid hou verb. m. stamnaam (*aba-*)*Thembu* (in Kaapland), ben. n.a.v. gebied waar boom voorkom en stam woon.

tamboekiegras: pln. (*spp. Cymbopogon* e.a., fam. *Gramineae*), v. **tamboekiedoring** en Scho PD 92 m. dokg. by Del (eerste helfte 19e eeu).

tamboer: musiekinstrument, trommel; trommelslaner; Ndl. *tamboer* (Mnl. *tamboere/tambure*), Fr. *tambour* (Ofr. *tabour*), It. *tamburo*, “trommel”, kan verb. hou m. Pers. *dānbārā* en/of m. Arab. *tambūr*, maar hulle is albei “snaarinstrumente” (v. Lok); hierby ww. Ndl. *tamboere(e)ren/tamboeren*, Afr. *tamboer*, en *tamboeryn* uit Ofr. *tambourin*, blb. 'n dim. v. 'n musiekinstrument m. metaal=skyfies en trommelvel, asook v. bespeler daarvan.

tambotie: — (minder gew.) *tamboetie* — , pln. (vroeër *Excoecaria africana*, nou *Spirostachus africanus*, fam. *Euphorbiaceae*); Ngu. (*um-*)*thombothi* (Doke-Vil 800).

tambryn v. janbruin.

tameletjie: — (minder gew.) *tamaletjie* — , 1. plat stuk gedroogde vrugte; 2. bep. soort lekkergoed v. botter en suiker; 3. hoë rekening; 4. berisping; Ndl. dim. *tabletje*, uit Fr. *tablette*, oor *m* uit *b* v. *karmenaadjie*.

tampan: soort hoenderluis (fam. *Argasidae*); wsk. Tsw. *tampane* (mv. (*di-*)*tampane*), maar dié vorm kon Tsw. ook via Afr. bereik het, want Tsw. het ook (*le-*)*tsipane*; Pet A handel *tampan* en *samban* afsonderlik en tog as ww. en lei dan lg. van Hott. af, wsk. onder invl. v. Kroen se Du. weergawe v. Hott. *óma-b* en v. Scully se Eng. spelv. *sampan*, maar Afr. ken alleen d. vorm *tampan* en dit wsk. uit Tsw., vgl. ook End se NSo. vorme *vo-tzikoane* (609) en *vo-tzipane* (610), albei as “hühnerlaus”.

tampas: gew. voorafgegaan d. *niks* — , vergoeding (by albaster- en tolspeel); misk. kontamv. v. Mal. *pampas*, “skadevergoeding”, en *tempoeh*, “skadevergoeding eis/gee”.

tampon: watteprop; Ndl. (na Kil) *tampon*, soos Eng. *tampon* (naas ouer *tampion/tompion*), uit Fr. *tampon*, mntl. v. Germ. herk.

tamteer v. tempteer.

tand: koubeentje i. mond v. mens of bek v. dier; voorwerp wat aan so 'n beentje laat dink; Ndl. *tand* (Mnl. *tant*), Hd. *zahn*, Eng. *tooth*, hou verb. m. Lat. *dens* (gen. *dentis*), Gr. *odous* (gen. *odontos*), “tand”, v. ook *tinne*, verder aas, eet, vraat, vreet.

tandekraaltjies v. **jobskraaltjies**.

+ **tandem**: fiets v. 2 pers. agter mekaar; Ndl. *tandem* uit Eng. *tandem* uit Lat. *tandem* (*tam*, "so", + suf. *-dem*), "eindelik, ten slotte".

+ **tandoe**: draagstoel v. bamboes; Mal. *tandoe* uit Tam. *tandu*, "dik stok", vgl. vWel VAH 342.

tandpyn: pyn d. tand(e) i. d. mond veroorsaak; Ndl. (16e eeu) *tandpijn*, maar tans minder gew. en meestal *kiespijn*.

tandpynbessie: pln. (*Chironia baccifera*, fam. *Gentianaceae*, maar vlg. Mar 125 is dit *aambeibos*, *bitterbos*, *meidjiewillemse*), vgl. Scho PD 86, ben. n.a.v. gebr. v. plant v. verdowing v. tandpyn. Watt-BB 1370 noem nog volksn. *agdaegeneesbos(sie)* en *perdebossie*, maar het mntl. ongelyk met *tandpynbossie* i.p.v. *tandpynbessie*.

tandpynwortel: pln. (*Sium/Berula thunbergii*, fam. *Umbelliferae*), plantwortel is gekou ter verdowing v. pyn, vgl. Pet A 493.

tang: bep. gereedskapstuk; sg. voor- en agtertang v. wa; Ndl. *tang* (Mnl. *tanghe*), Hd. *zange*, Eng. *tongs*, hou mntl. verb. m. Gr. *daknein*, "byt" — Fr. (veroud.) *étangue* misk. uit Ndl. *tang*.

tango: soort dans; Ndl. en Eng. (huidige eeu) *tango*, Am.-Sp. *tango* v. Negerdans, wsk. afk. uit d. gebied v. d. Niger-Kongo.

tannie v. **tante**.

tans: nou, op d. oomblik; Ndl. *thans* (Mnl. *t(e)hande/t(e)hant/tehand(e)s/t(e)hants/thans*, uit *te* en *hand/hant* met of sonder byw. *-s*); die *h* word alleen om hist. redes nog geskrywe, vgl. Mnl. *stappans* v. *staphands* (soos by Kil).

tante: — *tant* (voor eien.) —, vader of moeder se suster; dim. *tannie*, aansprv. v. getroude dame (vgl. Kloe HGA 129 en 356 i.s. dgl. aansprv.); Ndl. *tante* (nog nie by Kil nie, voorheen *moei*), soos Hd. (17e eeu) *tante* met *mama* en *papa* uit Fr. *tante* ontl., met prot. *t* uit Ofr. *ante* (wu. Eng. *aunt*) uit Lat. *amita*, wat verb. hou m. Lat. *amāre*, "beminn", v. ook *aunt/auntie*.

tanteletant: vlg. vWiel 142 dial. v. *sambreeblom* wat blb. beantw. aan Mar 72 se *sambrieltje* (vroeeër geïd. as *Hessea stellaris*, nou as *spp. Periphanus*, albei fam. *Amaryllidaceae*), die blom lyk na 'n oop-gemaakte sambreeel met sy spekies (v. Kid) — *sambreeblom* nie met *sambreeboom* te verwar nie.

tapioka: setmeel en voedingstof uit maniokwortels; Ndl. *tapioca*, wsk. uit Eng. *tapioca*, vgl. Fr. *tapioca/tapioka*, Port. en Sp. *tapioca*, uit Tup. *typyóca* (*ty*, "sap", *pya*, "pit", *oco*, "verwyder word").

tapir: bep. dikhuidige soogdier m. voorkoms wat aan 'n vark laat dink (*sp. Tapirus*, fam. *Tapiridae*); Ndl., Hd., Eng. en Fr. *tapir*, Port. *tapiro*, “waterswyn”, en *tapirete* (ter ondersk. teenoor gew. “swyn”), uit Tup. *tapiira*.

tapisserie: tapytvervaardiging; tapytwerk; vroulike tapythandwerk; Ndl. *tapisserie* (vroeër *tapijtserie*, Mnl. *tapisserie*) uit Fr. *tapisserie*, v. **tapyt**.

tapyt: vloerkleed; Ndl. *tapijt* (vroeër ook *tapeet*, Mnl. *tapijt/tapite* en *tapeet/tapete*), via 'n Rom. taal (bv. Ofr. *tapit*) uit Ll. *tapetum*, uit Gr. *tapês*, mntl. v. Oosterse herk.

tarentaal: bep. voëls., ook bek. as *poelpetaan/poelpetater* (*Numida meleagris*, fam. *Numididae*) blb. beperk tot Afrika en enkele v. sy eilande (sodat verb. m. Ternate onwsk. is, terwyl gebied t. ooste v. Tafelbaai as Terra Natal bek. was, by vRieb Terri di Natal, en dié voëls. dan ook werklik *Terra-Natal* (*vogels*)/*Ternataals*(*ch*)e (*hoenders*) genoem is), vgl. Scho PD 57–8; Frank TB 156, 166 No. 20; Bosh VT 199–200.

tarmtyn v. terpentyn.

tarra: versk. tussen bruto gewig (waarby verpakking en voertuig) en netto gewig (v. artikel); Ndl. *tarra* (Lmnl. *tarre*), soos Eng. *tare*, uit It. *tara* uit Arab. *tarha*, “wat verwyder word” (ww. *taraha*, “verwyder, verwerp”).

tart: terg; trotseer; uitdaag; Ndl. *tarten* (Mnl. *tarten/terten/torten*, by Kil *torten*, lg. nog dial. Ndl.), vgl. Mhd. *trätzen/tretzen*, Hd. *trozt* (wu. Ndl. *trots*), herk. onbek.; v. ook **trots**.

tasaat-/tasaterwater v. kasaat-/kasaterwater.

tasal: pekelvleis; Port. *tassalho*, “gesoute vleis; stuk vleis” (Hes HA² 88 noem dit P(ort.) sonder meer, dit sal wel verb. hou m. Port. *sal*, “sout”, ook Pet A 494 gee dit aan sonder 'n verkl. v. herk.; van waar *ta-* ?

tata/tate v. ta I.

tatara/tatarat v. janfrederik.

tater: gew. in verbg.: *swarte* —, nie-blanke; Ndl. *tater* (Mnl. *tater*, 17e eeu *tataar/tartaar*), Eng. *tartar*, Hd. *tatar/tartar*, almal uit eien. Tartaar, “lid v. Mongoolse stam” (woonagtig in Wes-Asië en Oos-Europa), bes. toep. in S.A.

tatgai: — *gatgai/katgai* —, nie uit WAT III 43 volkome duidelik of vorme m. anl. *t/g* net op voëls. (*Spreo bicolor*) slaan en dié met

anl. *k* net op plants. (*sp. Peucedenum*, fam. *Umbelliferae*) nie — hier net pln. ter sprake — Nien HOTT 271–2 gee Thun en Spa se vorme met anl. *g/d* ondersk. en WAT se *k*-vorm net v. pln., en Spa sê dis 'n *Mesembryanthemum*, wat Scho PD 47 bevraagteken. Kan dit 'n ander plant wees, en wat is die verkl. v. d. naam? Kroen het *tatsekate*, “ewig”, maar Mein NS 24, 144 meen dat dit *tatsegate* (uit *ta*, “nie”, *tse-*, “dag”, en *-ga*), “nie 'n dag nie” = “nooit nie” = “ewig”, moet wees, dan kan Afr. *altydbos* (*Staavia radiata*, fam. *Bruniaceae*) misk. 'n lett. vert. v. betrokke pln. wees. In Hott. is anl. *d/g* en *d/t* mntl.

tats: aanslaan(speletjie); Kem WFA 450 meen blb. dat dit verb. hou m. Eng. *touch*, maar Kil se *tats(e)/tets(e)*, *tetsken* (dim.) en *tetsen* (ww.) en dCo-Tei III 159 se *toets* (Fr. *touche*), “aanslag”, kom wsk. eerder in aanmerking.

tatta: afskeidsgroet; Eng. *ta-ta*, “good-bye” (veral in kleuter- en kindt.), herk. onbek.

tatte v. ta I.

taverne: herberg; Ndl. *taverne/taveerne* (Mnl. *tave(er)ne*) via Fr. *taverne* uit Lat. *taberna*, “winkel; kroeg”, vgl. ook Eng. *tavern*, by vRieb nog *taberne*.

taweejtjies v. tabceetjies.

tawwerd v. tabberd.

taxi: huurmotor; in 'n mate intern. wd.; teen d. end v. d. vorige eeu is in Duitsland *taxameter* gevorm en daarnaas in Frankryk *taximètre*, albei het in Nederland en Engeland binnegedring en daaruit is weer *taxi-auto*, *taxi-cab* e.a. gevorm, wu. d. redukv. *taxi* ontw. het, dus eint. “toestel om d. afstand en reiskoste aan te slaan/te takseer”.

teder v. teer III.

tee: plants. m. blare waarvan aftreksel gedrink word; intern. wd., sedert 16e eeu in Eur. bek. d. Port. en Sp. *cha* uit d. Sji. v. d. mandaryne, daarna d. Ndl. *teae/thee/tee* uit d. Emoidial. v. Sji. wat Ndl. veral deur Bantam bereik het in 'n vorm soos *tē* — vandaar Fr. *thé*, Hd. *tee*, Eng. *tea*; daar is geen grond vir spelv. met *h* nie en Ndl. spel dan ook tans *tee/thee* (lg. om hist. redes); v. ook **vrouebossie**.

teë: — *teen/teun* — , in omgekeerde rigting; in stryd met; nie goedgesind nie; Ndl. *tegen* (Mnl. *t(j)egen* uit *te* + *jegen*), v. **jeens**.

teebos v. rabas, rooirabas.

teef: wyfieshond; wulpse vrou; Ndl. *teef* (Mnl. *tēve*), dial. Hd. *ziwwē*, Oeng. *tife*, herk. hoërop onseker, veral Germ. ww. (dVri J NEW).

teël: — *tegel* — , dakpan; vloersteen; Ndl. *tegel* (Mnl. *tegel(e)*, by Kil *teghel*) uit Lat. *tegula* (verb. m. ww. *tegere*, “dek”), wu. It. *tegola*, Fr. *tuile*, en uit 'n vroeër ontl. Ndl. *tichel*, Hd. *ziegel*, Eng. *tile*, wat weer verb. hou m. Ndl. *teil*, “bak, bord, skottel”, mntl. ook m. Hd. *teller*, “bord”.

teen v. teë.

+ **teenste:** vorm v. *teë* wat soms nog gehoor word en vroeër dikw. gebr. is, veral in verbg.: *teenste aand*, “wanneer dit aand word”; by vRieb *jegens/tegens den avon(dt)*.

teer I: halfvloei-bare stof uit steenkool; Ndl. *teer* (Mnl. *ter(re)/tar*, by Kil *tarre/terre/teere/teer*), Hd. *teer*, Eng. *tar*, hou blb. verb. m. Eng. *tree*, Gr. *doru*, “boomstam”, en *drus*, “boom; eik”, misk. ook m. Lat. *larix*, “lorkeboom” (met *l* uit *d*, soos in *lingua* uit ouer *dingua*).

teer II: leef van; verbruik; Ndl. *teren* (Mnl. *teren*, o.a. “ruk”), Hd. *zerren* en *zehren*, ondersk. “ruk” en “verteer”, Eng. *tear*, “skeur”, hou verb. m. Gr. *derein*, “afslag, vil”; v. ook *terg(e)*, *tering*.

teer III: — (minder gew.) *teder* — , liefdevol; netelig; sag; Ndl. *te(e)der/teer* (Mnl. *teder*), Eng. (veroud.) *tear*, “fyn, van beste kwaliteit”; verb. buite Germ. onseker.

teerling: dobbelsteen; Ndl. *teerling* (Mnl. *te(e)rlinc*, naas *te(e)rninc*, asook *taerlinc/taerninc*), meningsverskille oor herk. (dVri J NEW), hoewel Kem WFA 427 blb. *teerning* as uitgangspunt aanvaar.

teerputs: leer- of seilemmer vir teer, teeremmer; vuil persoon; v. **teer I** en **puts I**.

teewater: kookwater waarvan tee gemaak word; in Ndl. veroud. maar nog dial. Ndl., vb. v. gebr. i. Afr. en S.A. Eng. tussen 1818 en 1912 by Scho TWK 14, 1, p. 34, by Pet A 495 en by Frank TB 72.

teffens v. tewens.

tegel v. teël.

+ **teifer:** — *tyfer* — , aftap (v. sap uit bome), by Hes HA² 92; afg (maar onseker) uit Port. *tif(f)ar*, vgl. vWel VAH 342.

teiken: doeb. v. *teken*, (alleen in bet.) doel, skyf, voorwerp om na te gooi/skiet; Ndl. *te(e)ken* (Mnl. *teken/teiken*, lg. nog in 17e eeu en tans in dial.), Hd. *zeichnen*, Eng. *token*, hou verb. m. Eng. *teach*; hierby Afr. ww. (plat) *teiken*, Ndl. *tekenen* (dial. *teikenen*) — by vRieb *teyckenen*, *teycken(s)*, *aen-/affteyckeninge* — , Idg. verw. onseker (dVri J NEW); vgl. Kloe HGA 293.

teilings: (diamantdelwerst., dial. v.) oorskot v. grond by was (delwerye); Eng. *tailings*, hou verb. m. Eng. *tail*, “stert”; vgl. Pet A 491.

teken v. teiken.

tekkie: gew. mv. *tekkies*, seilskoene m. touwerksole; Eng. *tacky*, “tennis shoe”, ook gew. mv., misk. verb. m. ww. *tack* “aanheg”; vgl. Pet A 491.

teksie: grootkopspykertjie (om bv. matte aan vloer vas te heg); Eng. *tack*, waarvan mv. wsk. as ekv. opgevat is — Eng. *tack/tache* afg. v. Mnl. *tache/taets(e)*, uit dial. Ofr. *tache* (blb. v. Germ. herk.).

tel I: aansien (bv. *in* — *wees*); (as ww.) getal opnoem/vasstel, reken, ook in afl. soos *vertel*; Ndl. (ww.) *tellen* (Mnl. *tellen*, “ag; tel; vertel”), Hd. *zählen*, Eng. *tell*, v. verder *taal*, Eng. *tale*.

tel II: in d. hoogte stoot; van hoër na laer bring (in ss. soos *optel*, *aftel*); Ndl. *tillen* (Mnl. *tillen*, vlg. Kil o.a. Fri. en Holl.), vlg. dVri J NEW “herkomst . . . duister”.

telkens: — (minder gew.) *telkers* — , elke keer, weer en weer; Ndl. *telkens*, met byw. *-s* uit *telken* (Mnl. *telken*, ou vorm *telkent*) uit *te elken*, “by elke geleentheid”.

tempera: tegniek v. skilder m. waterverf; Ndl. en Eng. *tempera* uit It. *tempera*, hou verb. m. Lat. *temporāre*, “meng”, en *tempus*, “tyd”.

tempie: (weinig bek., dial. v.) soort gebak; dim. v. Ndl. *timp(e)*, al by Kil, “langwerpige puntbroodjie/koekie”, misk. verb. m. Ndl. *tepel* en sekondêre assos. m. *tip*; vgl. Frank TB 133–4.

tempteer: — (in sprt. dikw.) *tamteer* — , pla, terg; in versoeking bring; Ndl. *tempte(e)ren* (ouer ook *temteren*), “kwel, pla”, uit Ofr. *tempter* (Fr. *tenter*), Lat. *tentare*, frekw. v. *tenēre*, “hou, hinder, terughou”, hou verb. m. Eng. *tempt(ation)*.

tender: s.nw. en ww., aanbied(ing) m. prysopgawe v. materiaal of werk; Eng. *tender* uit Fr. *tendre* uit Lat. *tendere*, “uitstrek; strewe”, Gr. *teinein*, “(jouself) inspan”.

tenger v. **tingerig**.

tenk I: metaal- of sementhouer (om vloeistowwe te bevat of te ver-voer); Eng. *tank* (wu. Ndl. *tank*), i. d. Ooste uit Port. *tanque*, redukv. v. *estaque* (ww. *estancar*, "water opdam") uit Ll. ww. *stanticāre*, "tot stilstand bring", maar d. Port. wd. kan aan 'n Ind. taal ontl. wees, vgl. vWel VAH 342.

tenk II: gepantserde oorlogsvoertuig (so genoem om redes v. geheimhouding gedurende eerste produksiestadium v. Eerste Wêreldoorlog, 1914-18); Eng. *tank* (wu. Ndl. *tank*).

tennis: balspel m. raket oor 'n net op 'n baan; Eng. (wu. ook Ndl.) *tennis*, wsk. uit Ang.-Fr. *tenetz*, 2e pers. mv. imp. v. ww. *tenir*, "hou", eint. "keer" (die bal).

tensy: indien/mits nie; Ndl. *tenzij* (tot 18e eeu nog *(he)t en zij* geskryf, Mnl. *ten si*, eint. "(as) 't nie sou wees (nie)", waar *en* die Mnl. ontkenningssw. is = Ndl. *niet*, Afr. *nie*).

ter I: voors. m. bet. o.a. "in, na, op, tot"; Ndl. *ter* uit *te* + *der* (v. **der** I).

ter II: — soms as ww. v. *der* in verbg. *der/ter duiwel*; wsk. onder invl. v. Hd. *der teufel* (v. **der** III).

terdeë: behoorlik, goed; Ndl. *terdege/terdeeg* (vroëer ook *te(r) degen*), verbg. v. **ter** I en *dege/deeg*, "iets goeds, voordeel, welvaart", hou verb. m. Mnl. ww. *diën/dijen* (impf. *deech*, verl. dw. *gedegen*) en m. *gedy*, *uidy* en *deeglik*.

têre v. **terg(e)**.

terg: — *terge*/(dial.) *têre* — , kwel, pla, tart; Ndl. *tergen* (Mnl. *terghen*), Hd. *zergen*, Eng. *tarry*, "ophou, uitstel, verdrag", hou verb. m. **teer** II in bet. "ruk".

tering: 1. verbruik (bv. *d. — na d. nering sit*); 2. bep. siekte, tuberkulose; Ndl. *tering* (Mnl. *tēringe* in bet. 1. en 2.) hou verb. m. **teer** II; v. ook **galoptering**.

teringbos: pln. (*spp. Thesium*, fam. *Santalaceae*), ben. n.a.v. mediese gebr.

teringtee: pln. (*Cliffortia ferruginea*, fam. *Rosaceae*), ben. soos by **teringbos**.

termiet: bep. inseks., ook bek. as *witmier* (*spp. Reticulitermes*); Ndl. *termiet*, Eng. *termite*, via Fr. *termite* uit Ll. *termes*, "houtvretende wurm", hou verb. m. Lat. *terere*, "boor, vrywe" —

termes, mv. *termites* (3 letg., later as 'n Fr. en/of Eng. wd. v. 2 letg. beskou en daaruit nuwe ekv. geabstr., nl. Fr./Eng. *termite*, Ndl./Afr. *termiet*).

terpentyn: — (plat) *tarmtyn* — , vloeibare brandstof uit naaldbome; Ndl. *terpentijn*, SNdl. *termentijn* (Mnl. *terben-/tarpen-/termentyn/-ine*, ander veroud. vorme *ter(e)bentijn/terebinthijn*), Fr. *térébinthine*, Port. *termentina*, It. en Sp. *trementina*, Eng. *turpentine*, via Ll. *terebinthina* uit Lat. *terebinthus* en Gr. *terebinthos* (*terminthos*), “terpentynboom”.

terpentynboom: pln. (*Copaifera mopane*, fam. *Caesalpinieae*), ook bek. as *mopanie*, v. Mar 110 en Pet A 519.

terras: gew. trapsgewyse aangelegde grondvlak(ke); Nnl. *terras*, soos Eng. *terrace*, uit Fr. *terrasse* uit Gall.-Rom. *terracea*, koll. v. Lat. *terra*, “aarde, grond”, in bet. “grondophoping”.

terrein: stuk grond; vakgebied; Nnl. *terrein*, soos Eng. *terrain*, uit Fr. *terrain* uit Ll. veronderstelde *terrānum* uit Lat. *terrēnum*, “aarde, stuk grond, akker”.

terriër: kleinerige honds.; Ndl. *terriër*, soos Eng. *terrier*, uit Fr. *terrier*, eint. verk. uit *chien terrier* (*chien* uit Lat. *canis*, “hond”, en *terrier*, “v. d. aarde”, uit Ll. *terrarius* uit Lat. *terra*, “aarde”), ong. = “hond wat in gate i. d. aarde kruip”.

tert: deegkors m. vulsel; Ndl. *taart* (Mnl. *ta(e)rte*), Eng. *tart*, Fr. *tarte*, naas Hd. *torte* (16e eeu), Ofr. *torte* (Fr. *tourte*, gew. “deegkors m. vleis”), uit It. *torta*, uit Lat. *torta* (v. b.nw. *tortus*, “gedraaid”, by ww. *torquere*, “draai, wring”); vgl. Kloe HGA 100–101; v. ook **toorts**.

tes: gew. dim. *tessie*, verwarmingsbakkie (vir konfoor of voetstofie); Ndl. *test* (Mnl. *test/teste*) via Ofr. *teste* (wu. Fr. *tête*, “kop”, vgl. Afr. *harspan*) uit Lat. *testa*, “(klei)pot”; v. ook **vergiettes**.

tet/tetta v. tiet.

têta: abba, kind op d. rug dra, vlgs. vWiel 230 in Oos-Tvl. dial. v. wat elders *pêpa* (q.v.) genoem word; Zu. *teta* (Doke-Vil 779).

tetta v. tiet.

teuel: stuurriem v. rydier; Ndl. *teugel* (Mnl. *tōghel/teughel*), Hd. *zügel*, hou verb. m. Mnl. *tiën*, “trek”, suf. *-el*, soos by *beitel*, *sleutel*, ens.; hierby afg. ww. *beteuel* (Ndl. *beteugelen*).

teun v. teë en teen.

tewens: — *teffens* — , ook, tegelyk; Ndl. *tevens*, m. byw. -s, naas minder gew. *teven*, tot 18e eeu was *teffens* meer in gebr., uit *te* + *even*, eint. “op dies. (ewe) tyd”.

?+ **tiebliesroos** v. **skubliesroos**.

tiekie: muntstuk ter waarde v. 3 pennies, trippens; S.A. Eng. (mntl. uit Afr.) *tickey/ticky/tickie*; Pet A 498–500 se afl. uit Port. *pataca*, “Bras. muntstuk” (ter waarde v. 30 sent) of Fr. *patac*, “duit”, bevredig fonet. en sem. nie, dan eerder te dink aan dial. Eng. *ticky*, “klein” (Wri EDD VI 136) of aan Ngu. *ciki/tiki*, “klein”, mntl. ook aan Xh. (*i-*)*cici*, “oorring” (vgl. Afr. *bokstert* v. ¼d.) of (*i-*)*tiki* as redukv. v. (*i-*)*tikipeni*; ook afl. v. Eng. *ticket* lewer besware op (reeds d. Pet A gestel); teen Frank TB 118 se afl. uit Mal. *tiga*, “drie”, geld dat d. vroegste datg. in d. 18e eeu voorkom toe Mal. geen rol v. betekenis meer gespeel het nie.

tiemie: pln. (*Thymus vulgaris*, fam. *Labiatae*); uit Ndl. *tijm/thijm* (met ongedift. vok. i. eerste letg., soos in *miet*, *spie*, *stiebeuel*, ens., en *i(e)* in slotletg. wsk. uit d. Lat. gen. ekv. v. aptekersresepte, bv. *extractus thymi* e.a.), uit Fr. *thym*, soos Eng. *thyme* en It. *timo*, uit Lat. *thymus*, Gr. *thumos/thumon*; hou misk. verb. m. Eng. *fume* en Lat. *fumus*, “damp, reuk, rook”; v. Kloe HGA 46.

tienostou: pln. (*Aspalathus mollis*, fam. *Papilionatae*), ben. n.a.v. lengte en taaiheid v. d. wortel (Mar 82, 111); v. ook **asgaaiwortel**.

tier I: diern. (*Panthera pardus*, v. **panter**); beantw. aan d. Ndl. wd. *tijger* (maar dié is *Felis tigris*, v. Scho PD 12), ongedift. *i* nog in Mnl. en dial. *tiger*, vgl. Eng. en Hd. *tiger*, Fr. en Port. *tigre*, Lat. en Gr. (uit Ir.) *tigris*; by vRieb *tiger/tijg(h)ers* (lg. misk. nog, on-danks d. spelv., ongedift.) — Afr. het d. ongedift. vok. i. *tier* (uit *tiger*), wat nie na sink. v. intervok. *g* gedift. kon word nie, omdat die *i(e)* nie voor *r* gedift. word nie (vgl. *vier* teenoor Got. *fidwor* met *vyf* teenoor Got. *fimf*.); vgl. verder Kloe HGA 45, 292.

tier II: aard, goed/welig groei; Ndl. *tieren* (Mnl. *tieren*, “aard”), hou wsk. verb. m. Oeng. *tír*, “eer, roem”, maar verw. buite Germ. onseker.

tier III: lawaai, raas, te kere gaan; Ndl. *tieren* (Mnl. *hem tieren*, ong. “jou luidrugtig uitlaat”) kan verb. hou m. **tier II**, maar dit is ’n vermoede en kn. herk. lyk nie onmntl. nie.

tierboskat: diern. (vgl. Scho PD 36 *Leptailurus serval*, maar blb. dies. as *tierkat* (*Felis serval*, vgl. Pet A 502), ben. n.a.v. uiterlike ooreenkoms (bv. strepe).

tierhaai: diern. (vgl. Barn 9 *Galeocerdo arcticus*, maar blb. ook toeg. op *luihaai*, *Scyllium africanum*, soos by Pet A 302–3), ben. soos by **tierboskat**.

tierhout: pln. (*Loxostylis alata*, fam. *Anacardiaceae*), motivering v. ben. onbek. — het dit strepe of spikkels i. d. hout?

tierkat v. tierboskat.

tierlantyntjie: gew. mv., onbeduidende versiersels; Ndl. *tier(e)lantijn* (na Kil), wsk. uit Fr. *tirelintin*, “geklingel”, en kn.; loop blb. in 17e-eeuse Ndl. deureen m. *tierentayen*, uit Fr. *tiretaine*, “bep. tekstielstof” in bet. “opskik, opsmuk”.

tierslang: slangs. (*Tarbophis semiannulatus*), ben. n.a.v. kolletjies (vgl. Pet A 502).

tiervis: 1. versk. varswatervisse (*Hydrocyon vittatus* en *Hepsetus odoe* vlgs. Barn 50); 2. seevis (*Therapon jarbua*), ben. n.a.v. kolle en strepe; vgl. verder Pet A 501; v. ook **riviersteenbras**.

tierwolf: diern. (*Hyaena crocuta*), ben. n. a. v. kolle en strepe.

tiet: — (plat) *tet/tetta* — , pram, speen, tepel; vrouebors, vorm *tiet* egter ook nog „kindermelkfles m. speen” (v. **katiet**) en „fop= speen”; Ndl. *tet(te)/tit(te)/tiet*, Eng. *teat/tit*, wsk. kn.

tifoon: dwarrel-/werwelstorm (veral in Oos-Asië); Ndl. *tyfoon* uit Lat. *typhōn* uit Gr. *tuphōn*, vlgs. dVri J NEW loop dit deureen m. *taifoen* uit Sji. *tai-fung*, “groot wind” (dial. Sji. *ta*, “groot”, *fêng*, “wind”), vgl. NED s.v. *typhoon* — dit is nie heeltemal duidelik by watter v. d. twee vRieb se “Japanse *tuffons/typhons*” aansl. nie.

tikket: (dial. en “volks” v.) reiskaartjie; (soms) aanplakstrok (aan bagasie); bewysstrok of ander teken (vir naturelle arbeiders); Eng. *ticket*, uit Fr. *étiquette* (ouer *estiquette*), wsk. Germ. v. herk. en verb. m. Ndl. *steken*, Hd. *stechen* en Eng. *stick* (ou bet. blb. “iets wat êrens vir kennisname vasgesteek word”); vgl. ook Pet A 498.

tin: bep. metaal; Ndl. *tin* (ouer *tynne/theen/thin*), Eng. *tin*, Hd. *zinn*, herk. onseker; ook een v. d. “elemente” (Simbool Sn).

+ **tinang:** soort bootjie, in Kaapse Stukke v. 1687; hou misk. verb. m. Port. *tina*, “kuip, vaatjie”, en m. *tingueiro*, “rivierbootjie”.

tingerig: — vorm m. *-ig* gew. net *i* in 1e letg., dié sonder *-ig* toon ww. *tenger/tinger* — , skraal, swak; Ndl. *tenger* (ou vorm ook *tanger*; na Kil), (sedert 17e eeu ook *tender*), soos Eng. *tender*, uit Fr. *tendre*, uit Lat. *tener*, “sag”; oor *d/g* vgl. **amandel** — **mangel**.

+ **tinha:** — *tinka* — , die middelste v. 3 albasters (Mans KHI), hou misk. verb. m. Mal. *tenga*, “die middelste”.

tinktinkie: — (soms) *pinkpinkie* — , versk. soorte voëltjies (meestal fam. *Sylviidae*, v. Malh DFdT II 210), ook bek. as *klap-/klopper-tjie*, soos d. Eng. *pinpinc* vir d. *Cisticola terrestris*, wsk. kn.; vgl. Pet A 373 en 503 s.v. *ting-ting* en *tink-tinky*.

+ **tinne:** uit Ndl. Bybelt. *tinne des tempels*, in Afr. Bybel vert. as “dak v. d. tempel”, Matt. 4:5; Ndl. *tinne/tin* (Mnl. *tinne/tenne*), Hd. *zinne*, Eng. *tine*; hou wsk. verb. m. **tand** (q.v.).

tiptol: versk. voëls. (K.P. *Pycnonotus capensis*; Tvl. *Loidorusa layardi*, albei fam. *Pycnonotidae*), wsk. kn.; vgl. Pet A 503.

titana: (dial. v.) skortjie v. krale of leer (veral v. naturellekinder-tjies); NSo. *thethana*, “weiberschurz” (End 552).

titel: amps-/graad-/rangnaam; regsgrond; Ndl. *titel* (Mnl. *titel*), soos Hd. *titel* en Eng. *title*, via Ofr. *title* (Fr. *titre*) uit Lat. *titulus*, “in-/opskrif; ere naam”; v. ook **tittel**.

titsel: gew. dim. *titseltjie*, “klein bietjie” (bv. peper/sout in kos); Kem WFA 450 dink aan *tiksel* en mntl. kontamv. v. Eng. *touch* (v. *tats*), maar eerder ’n afl. v. Ndl. *titsen*, “liggies aanraak/aanroer”, wu. in Ndl. afl. *tits*, “aanraking”.

tittel: kleinigheid (bv. in verbg.: *geen jota of — nie*), eint. doeb. v. **titel** (q.v.); Ndl. *tittel/tuttel* (vroëër ook *titel*, “puntjie by ’n letter”, so reeds by Kil), Eng. *title/tittle*, Hd. *tüttel*, via Ofr. *title* (Fr. *titre*) uit Lat. *titulus*, “by-/in-/opskrif”; v. ook **titel**.

tjaila: (dial. v.) ophou m. werk; hou verb. m. Zu. *shayisa* (perf. *shayisile*), “ophou werk”, Xh. *shiya*, “nalaat”, *shiyela*, “laat staan”, Tsw. *chae* (perf. *chaile*), “wegdraai”.

+ **tjakkie-tjakkie:** kamma, kwansuis, nie rêrig nie; Scho TWK 14, 1, p. 34 gee aanh. v. gebr. tussen 1861 en 1863 en verwys na dokg. by Cha en Mans KHI wat verwys na *faikonta*; misk. verb. m. Mal. *tjakap-tjakap*, ong. “praat-praat; bluf” (Bosh VT 371).

tjalie: — (boekw.) *sjaal* — , omslagdoek om skouers v. vroue of om babas; Ndl. *sjaal*, misk. soos Hd. *schal*, uit Eng. *shawl*, hou verb. m. Fr. *châle*, Port *chale*, Sp. *chal*, It. *scialle*, Mal.-Port. *tjala*; uit Pers. *shal*, mntl. na naam v. Ind. stad v. vervaardiging, Shaliat; slot-*ie* in Afr. wsk. uit ’n vorm m. swak klem op slotvok. en ewe min as by *baadjie* as dim. op te vat.

tjank: huil (veral v. honde gesê); Ndl. *janken/tjanken* (Mnl. *janken*), Hd. *janken*, wsk. kn., vgl. Eng. *yelp* (17e eeu *jalp*).

tjap: s.nw. en ww., stempel; wsk. via Ndl. Kompanjies. (17e–18e eeu) *ch(i)ap/s(i)jap/siap*, in Ind.-Ndl. nog *tjap* en ww. *tjappen*

(vWel VAH 343), Ind.-Eng. *chop*, Mal. *tjap* uit Hindo. *chhāp*, “seël, stempel; drukwerk”; vgl. Pet A 503-4 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 30.

tjek: bankbriefie ter uitbetaling v. daarop aangegeve bedrag; Ndl. *check/cheque*, soos Afr. *tjek*, uit Eng. *cheque/check*, uit Ofr. *eschec/eschac* (by skaakspel), v. **skaak II** en **sjah**.

tjellis: bespeler v. tjello; Ndl. en Eng. *cellist* en *cello* (lg. as redukv. v. *violoncello*), d. bas v. d. vioolgeslag; *viool*, *viola* en *violon*-gaan terug op Ll. *vitula* uit *vitus*, “viool”, en *cello* op *cella*, “kas” — d. basviool met ’n groot “kas” (resonansieruimte); v. **viool**.

tjello v. tjellis.

tjêr-tjêr: voëls. (*Indicator indicator*, fam. *Indicatoridae*), ook sedert Spa en IVa bek. as *heuningvoël(tjie)* en *heuningwyser(tjie)*, vgl. Scho PD 62 en WAT s.v. *heuningvoël* en *heuningwyser*; *tjêr-tjêr* seker kn. soos Ndl. *tjerk/tjirk*.

tjenkerientjie: blom- en pln. (*Ornithogalum thyrsoides*, fam. *Lilia-ceae*), by Mar 19 en 138 *chinkerichee*, by Thun I 153 *tintirinties*, by Pet A 120 *chinkering ching*; kn., soos reeds d. Thun verduidelik (vgl. Scho PD 73), vermelding verdien nog dat d. naam volkset. soms *tjenkeruëntjie* heet; v. ook **viooltjie**.

tjiesa(stok): (dial. v.) stok om lont (veral i. d. myne) aan d. brand te steek; Zu. *shisa*, “lig/vuur aansteek” (Doke-Vil 741).

+ **tjietrek:** voëls. (*Tchitrea perspicillata*), vlgs. IVa in sy tyd so genoem, v. Scho PD 61-2; misk. kn. en wetensk. ben. hieruit.

tjilp: gebr. i.v.m. d. geluid v. voëls; Ndl. *tjilpen*, soos Eng. *chirp*, seker kn.

tjoek: s.nw. (dim. *tjoekie*) en ww., klip om mee na albasters, klippies, knope en wasters te gooi; (as ww.) m. ’n tjoek gooi (Mans KHI); Ang.-Ind. *chucker* (uit Hindo. *chakar*, “diskus”) bevredig nie; SNdl. *tjokken*, “gooi, skiet, stoot” (by albasterspel — dCo-Tei V 25) Antw. naas *tokken*, “stoot”, *tjoeken/tjokken* en Pd. *tjukken* kan mntl. ’n leidraad bied, vgl. Frank TE 16-17, wat aansl. by Bosh VT 273-4.

tjoeker v. tjokker II.

tjoekie: gevangenis, tronk; Ang.-Ind. *choky* uit Hindo. *chauki*, “opsluitplek” — nie dim. nie (vgl. *baadjie*, *tjalie*) en nie m. dim. v. **tjoek** te verwar nie.

tjoek-tjoek: — *toef-toef* — , lokomotief; trein (in kindt.), kn.

+ **tjoema**: vir niks, sonder om iets by spel te verbeur; misk. verb. m. Mal. (*per*)*tjoema* uit Tam. *tjoemma*, “vergeefs”, in Ndl. volkset. *voor tjomme*, “vir niks” (vWel VAH 334); vgl. (*honde*)=**katjoema**.

tjoepstil: doodstil, vroeër (o.a. by Cha, Mans KHI en PW) net *tjoep*, vgl. Scho TWK 14, 4, p. 195; Ndl. *tjoepen*, “snel beweeg, flits”, bied sem. geen leidraad nie en byg. aan *tjoepvol* lyk ook uitgesluit, mntl. kn.

tjoepvol v. **tjokvol**.

tjoerang v. **kurang**.

tjoggem: (dial. v.) van die koei se speen i. d. mond melk (veral in kindt.), wsk. kn. n.a.v. gesuis v. melkstrale i. d. mond; *getjoggem* by G. C. en S. B. Hobson (*Aan Jannie*, 1945, p. 58); in Zu. heet dit **klêza** (q.v.).

tjok: — (gew.) *tjokka* — , sg. inkvis, eint. soort seekat (*Sepia officinalis*, fam. *Sepiidae*); Port. *choco*, “inkvis” (Frank TB 129, Pet A 517-8 en Scho PD 26).

tjokker I: jong seun, penkop, snuiter; Ang.-Ind. het *chokra/chuckaroo* (uit Hindo. *chhokra*, “jongeling, seun”) en dial. Ndl. *tjokkers*, “spotnaam v. d. inwoners v. Arendonk” (tog seker ook volwas=senes) by Cor-Ver IV 1244, maar die eerste lewer hist. en d. tweede sem. besware op, vgl. ook **tjokker II**.

tjokker II: — vroeër net *tjok* genoem, nou ook *tjokker* en *tjokker*=*bekaasvoël* (*Aquila rapax*) v. Scho PD 84; maar herk. net so onbek. as dié v. **tjokker I**; v. egter **kouvoël**.

tjokvol: heeltemal vol, propvol; Ndl. *tjokvol*, uit Eng. *chock-full/choke-full/chuck-full*, wat blb. verb. hou m. Eng. *choke*, “stik”, d.w.s. so vol dat ’n mens kan stik; hou dit ook verb. m. *tjoepvol* (v. **tjoepstil**) en m. **tjopvol** (vWel VAH 256)?

tjommel: brom, klae, mor; kan mntl. verb. hou m. Ndl. *tommelen/tummelen*, Hd. *tummeln/taumeln*, Eng. *tumble*, in dié geval dan ook m. Ndl. *tuumelen*, misk. m. byg. aan *tobbelen/tobben* in bet. “onrustig beweeg”; (dan) “ploeter”; (ten slotte) “mopper”, maar geen sekerheid nie.

tjop: bep. stuk vleis; Eng. *chop*, verb. m. Eng. *chap*, “splyt”, en m. Afr. *kap*.

tjopvol v. **tjokvol**.

tjor: dikw. dim. *tjorrie*, minderwaardige motorkar; die sinon. *rammelkas*, asook die wd. *tjor-tjor* en *tjorts* dui op kn.

tjor-tjor: soorte vis (*spp. Pomadasys*, fam. *Pomadasyidae*, en *sp. Pagellus*, fam. *Sparidae*), S.A. Eng. *chor-chor*, kn.; v. ook **varkie**.

tjorts: uitr. i.v.m. windlaat, kn.

tjou-tjou: gemengde spul, mengelmoes; Ang.-Ind. (veral Pid.-Eng.) *chow-chow*, "allegaartjie" (Hob-Job).

tjurang v. kurang.

tjwala v. djoela.

t'kooibos: blb. gomdraende booms. (vWiel 149), nie sonder meer met *kooigoed* (*spp. Helichrysum*) te ident. nie, hoewel d. wd. in Afr. mntl. sonder suigk. as *kooibos* of met suigk. as *tooibos* uitgespr. word; hou dit misk. verb. m. Claudius se *chōje*, "soort aalwyn" (v. Nien HOTT s.v. *kokerboom* I)?

t'kouboom v. kouboom.

t'norra v. norro.

tnou: pln. (*Hydnora africana*, fam. *Hydnoraceae*), ook bek. as *bobbejaan-jakkalskos* en *kannip* (Mar 82 en 103 skryf *t'nau*), v. Nien HOTT s.v. *jakkalskos* I en *veldkos* VI.

toboggan: s.nw. en ww., soort sleetjie wat op sneeu, ys en gladde steiltes gebr. word; (as ww.) op 'n — ry; wsk. via Eng. *toboggan* uit Kanad.—Fr. *tobogan/tabagan(e)* uit Alg. (wv. in ander Inda. tale v. Am.).

toe I: dig, gesluit; Ndl. *toe*, Eng. *to*, Hd. *zu*, hou verb. m. Ndl./Afr. *te* (Lat. *de*, bw. v. rigting) wat in Ndl. ook, soos hier, b.nw. en selfs voors. en uitrw. geword het; vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 30.

toe II: op daardie oomblik; Ndl. *toen* (Mnl. en dial. *toe*) wat in Mnl. ontw. het uit *entoe* uit *endoe* uit *ende doe* (vgl. **op-en-top**); Mnl. *doe* hou verb. m. *dan*, Hd. *dann/denn*, Eng. *then*, is 'n ou verboë vorm v. *de* en het v. bw. v. tyd tot voegw. ontw. — slot-*n* v. *toen* wsk. na d. vb. v. *dan*, wsk. 'n ou tydsv. op *-n* soos by **wan II**.

+ **toeding:** — *toering* —, (dial. v.) spitshoed (v. Kaapse Maleiers); Mal. *toedoeng*, "beskutting, deksel" (o.a. v. kop); vgl. Pet A 504 wat dit ten onregte m. Ndl. *toren* in verb. bring; die regte verkl. by vWel VAH 344.

toef-toef v. tjoek-tjoek.

toeka v. hoeka.

toering v. toeding.

toet I: — *toeter* — , s.nw. en ww., bep. geluid; (as ww.) so 'n geluid maak; hou verb. m. Ndl. *toet* en *tuit* en ww. *toeten* en *tuiten*.

toet II: onbeduidende pers. in verbg.: 'n *man van* — ; mntl. volket. uit Mal. *bantoet*, “agterlik, in ontwikkeling gestuit”; vgl. Scho TWK 14, 1, p. 34, asook Kloe HGA 53.

toeter v. toet I.

? **toe-toe:** pln. (*Cyanella alba*, fam. *Haemodoraceae*), herk. onbek.

toetrek: bewolk raak (v. lug gesê) by Trig, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 30, wat wys op Ndl. *betrokken*, en aldaar ook op *toemaak*, weer eens by Trig, waar Ndl. *toedekken* sou gebr. — in ss. beantw. Afr. *toe* dikw. aan Ndl. *dicht*.

+ **toewak:** palmwyn; in Kaapse Stukke v. 1685; Mal. *toewak*, “gegistende drank, palmwyn”.

tof: windmakerige pers.; Eng. *toff*, wsk. uit studt. te Oxford waar studente 'n goue klossie (*tuft*) op pet gedra het om rang uit adelstand aan te dui, daarna as skelw. op draers toeg.

tog I: begeerte (bv. hartstog); beweging (bv. v. lug); reis, trek; Ndl. *tocht* (Mnl. *tocht/tucht*), Hd. *zucht*, hou verb. m. *tyg* in ww. *aantyg*.

tog II: bw. inderdaad; nietemin, seker; Ndl. *toch* (Lmnl. *toch*, wsk. uit *doch*, misk. uit *entdoch* uit *enddoch* uit *ende doch*, vgl. toe II).

toga: ampsgewaad v. akademici, predikante, regters; Ndl. en Eng. *toga* uit Lat. *toga* (verb. m. ww. *tegere*, “dek”), v. dies. herk. as *dak* en *dek* en Eng. *thatch*.

togganger: iemand wat handelsreise onderneem; Ndl. (17e en 18e eeu) *tocht*, “handelsreis”, a. d. Kaap meer bep. “ruilhandelsreis” (Pet A 505 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 30); v. **transportryer**, **waryer**.

toiens: — *toiings* — , gew. mv., flenters, vodde; Ndl. *tod(de)*, eers na Kil, Hd. *zotte*, Eng. *tod*, “haarbossie; flenter, prul, vod” — die *n* in Afr. dui op herk. uit die mv. *toddens* (vgl. *kaiings*); vgl. Kem WFA 407.

tokkelok: teologiese student (studentet.); wsk. bewuste toep. v. Ndl. *theologica* (nie v. Afr. *teoloog* nie) — Ind.-Ndl. *totok*, “iemand v. onvermengde bloed” (vWel VAH 345) kon nouliks invl. gehad het.

tokkelos: gew. dim. *tokkelossie*, dwergie, kaboutermannetjie (in naturellebygeloof); Zu. (*u-*)*tokoloshe*, Xh. *t(h)ikoloshe*, So. *thokolosi/t(h)ikoloshi*; vgl. Pet A 502-3.

tokomanie: grondboontjie (*Arachis hypogaea*, fam. *Leguminosae*); NSo. *tôkômane*, “grondboontjie”.

toktokkie: 1. kewer, tor (*spp. Psammodes*); 2. kloppspel v. seuns aan deure, albei kn. en wsk. verb. m. Ndl. *tokken* “(sag) klop”; vgl. Pet A 505-6.

tol I: belasting (o.a. in ss. soos *tolgeld*, *tolhuis*); Ndl. *tol* (Mnl. *tol*), Hd. *zoll*, Eng. *toll*, hou verb. m. Ll. *tolōnēum*, “tol; tolhuis”, uit Lat. *telōnēum* uit Gr. *telōneion*, “tolhuis” (afl. v. *telos*, “doel”).

tol II: kinderspeeltuig; Ndl. *tol* (Mnl. *tol*, vlgs. Kil *tol* meer bep. NNdl. en *top* SNdl.), Hd. *zoll*, “lengtemaat”, hou mntl. verb. m. Gr. *daidalos*, “kunstig bewerk”, Lat. *dolāre*, “bekap”; hierby wsk. ook dim. *tolletjie* (naas *rolletjie*), “houtspoel waarom ga-ring gedraai is”; Ndl. *tol/tolle*, Hd. *zoll*, “houtklos” (by touver=vaardiging).

tolbalie: pln. (*Kraussia lanceolata*, fam. *Rubiaceae*), hoewel Mar 82 verkl. “identity doubtful”; dit geld ook i.s. motivering v. ben.

tolbos(sie): pln. (*Royena pubescens*, fam. *Ebenaceae*; ook *Leucadendron plumosum*, fam. *Proteaceae*), ben. in albei gevalle vlgs. Mar 82 n.a.v. keëlvormige vrugte i. d. vorm v. ’n tol/top, so ook by Pet A 506; vgl. egter *tolbossie* = *waaibos* (misk. = *lanterfanter*).

tolk: s.nw. en ww., vertaler v. gesprek; woordvoerder/mondstuk v. ’n groep; (as ww.) oorsit, vertaal; Ndl. *tolk* (vlgs. Kil hoofs. NNdl., met vermelding daarby v. Lmhd. *tul-/tolmetsch* — in Hd. as *dolmetsch* bek.) ontl. aan Mned. *tolk* uit Rus. *tolk*; by Wik as ww. *tolken* (Frank TB 156), nie in Ndl. nie.

tolletjie v. tol II.

tollie: jong manlike bees, jong ossie; ook S.A. Eng. *tollie* (Pet A 506), gebr. sedert begin v. huidige eeu veral d. advertensies en venduaafslaaers in Afr. en S.A. Eng. bevorder; Zu. (*i-li-*)*thole*/*(i-)tole*, “kalf”, (*isi-*)*thole*, “verskalf”, Xh. (*i-*)*tole*, “kalf”, NSo. (*se-*)*thole*, “verskalf”, wsk. ook verb. m. Tsw. (*le*)*shole*, “onge=speende kalf”.

tomahawk: strydbyl v. d. Rooihuide; Eng., Ndl., Hd. en Fr. *toma-hawk*, uit Alg. *tomahack/tamahak* (ww. *tamaham*, “hy kap/sny”).

tommie: Eng. soldaat, veral sedert Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) in Afr. bek.; Eng. Tommy Atkins (denkb. naam op blanko vorms v. Eng. soldaat by rekrutering).

toneel: verhoog (bv. v. skouburg); deel v. ’n bedryf; plek (waar iets gebeur); Ndl. *toneel* (sedert 16e eeu uit Mnl. *tan(n)eel* naas *te-/tineel*, “stellasie, verhoog”) via Ofr. *tincl*, “gevolg, hofstoet”, uit It. *tinello*, “kuip” — die *o* in eerste letg. v. Ndl./Afr. wsk. d. byg. aan (ver)toon.

tong: bep. orgaan in mond v. mens en dier; iets wat na ’n tong lyk; (fig.) taal; Ndl. *tong* (Mnl. *tonghe/tunghe*), Hd. *zunge*, Eng. *tongue*, gew. verb. aanvaar m. Lat. *lingua* uit ouer *dingua*, maar in twyfel getrek en nog geen uitsluitsel nie (v. dVri J NEW).

tonga: by Mar 119 *tonga/thunga* v. pln. (*Oncoba spinosa*, fam. *Flacourtiaceae*); Doke-Vil 800–801 het Zu. (*in-)*t(h)onga v. ongeïd. plant en 801 (*isi-)*thonga (blb. uit (*in-)*tonga v. *Strychnos mackenii*, fam. *Loganiaceae*), mntl. is lg. bedoel, want lede v. dié fam. het dopvrugte, en Mar. 81 beweer d. Zoeloes uit saad-doppe snuifdose maak; vermelding verdien egter ook Ngu. (*um-)*tongwane, “boom”, en (*i-)*tongwane, “vrug” v. ’n soort kastaiing, en hier hoort vlgs. Doke-Vil 801 juis d. *Oncoba spinosa* m. sy snuifdose tuis; vgl. ook Dav 415 (*i-)*tongwane, “snuff-box”, Watt-BB 447, 1419.

tongblaar: pln. (*spp. Rumex*, fam. *Polygonaceae*), Mar 82, 104, Pet A 506, ben. n.a.v. vorm v. blaar (v. Kid).

tongsiekte: uitslag v. blasies op tong v. beeste, reeds aan Thun en lVa bek., v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 30.

tonka: — *konka* —, blik waarin vuur gemaak en soms gekook word; Zu. (*i-li-)*t(h)unga, Xh. (*i-)*tunga (ondersk. Doke-Vil 807 en Krop 414), “melkemmer” (vroëër v. hout, later v. metaal) — by ww. *konka* misk. afstandsass; dus Ngu.

tonkaboontjie: pit- en pln. (*Dipteryx odorata*, fam. *Leguminosae*); Ndl. *tonkaboon*, Eng. *tonka/tonca/tonga bean* (uit taal v. d. Rooihuide, nl. Tup. *tonka*).

tonnel: deurgang deur berg (gew. vir treine); Ndl., Eng. en Hd. *tunnel*, via Mfr. *ton(n)el* uit Ofr. *tonne* uit Ll. *tonna/tunna*, “vat”, wsk. v. Kel. herk. en verb. m. Lat. *tondēre*, “skeer; wegneem” (wu. Fr. *tondre*).

tontel: ontvlambare stof v. tonteldoos; Ndl. *tondel/tonder/tundel/tunder/tuntel/tontel* (oor *d/t* vgl. *laventel*), Eng. *tinder*, Hd. *zundel/zunder*, hou verb. m. Hd. *zünden*, dial. Eng. *tind*, “aan d. brand steek”; vgl. ook *sundgat*.

tontelblaar: pln. (*Hermas gigantea*, fam. *Umbelliferae*), Mar 82 en 121 skryf *tondelblaar*, ben. n.a.v. gebr. v. blare as tontel.

tontelblom: vlgs. Scho PD 67 dies. as *tontelblaar* (q.v.).

tontelbos: pln., ook bek. as *wildeckapok* (*Asclepias fruticosa*, fam. *Asclepiadaceae*), ben. soos by *tontelblaar* (q.v.).

tonteldoek: 1. enige plantaardige materiaal as tontel in 'n tonteldoos gebr.; 2. pln. (*Arctotis acaulis*, fam. *Compositae*), ben. selfverkl.

tonteldoos: buis (gew. v. koper) as houer v. tontel gebr., vroeër dikw. gebr. om pyp op te steek, vuur aan te maak, ens.

tonyn: soort groot seevis (*Thunnus/Orcynus thynnus*, fam. *Scombridae*); Ndl. *tonijn*, Eng. *tunny*, Hd. *thun(fisch)* gaan oor It. *tonnina*, Sp. *toñina*, Port. *toninha*, Fr. *thonnine* terug op Ll. *ton(n)ina*, dim. vorme v. Lat. *t(h)unnius*, Gr. *thunnos*; v. ook *tor-nyn*; vgl. Frank TB 130 — by vRieb *tonijnen*.

tooi I: s.nw. en ww., versier(ing); Ndl. *tooi* en *tooiën* (Mnl. ww. *to(o)yen*, ww. *touwen*), Eng. (veroud.) *taw*, “b(e)rei”, Got. *taujan*, “doen, maak”, *taui*, “daad, werk”, hou verb. m. Eng. *tool*.

tooi II: s.nw., albaster, (meer bep.) ghoen; wsk. Eng. *toy*, “speel-ding”, verb. m. Ndl./Afr. *tuig* onwsk. en herk. onbek.

toom: s.nw. en ww. (bv. *intoorn*), 1. kopstuk v. tuig waarmee rydier bestuur word; groep, span, broeisel (bv. *kuikens*); Ndl. *toom* (Mnl. *toom*, 1. “teuel”; 2. “nakroos”), Eng. *team*, 1. “span” (bv. osse, spelers); 2. “vlug” of “broeisel” (bv. v. voëls, vgl. Afr. *toom kuikens*), misk. hou bet. “broeisel, groep, span” verb. m. bet. “tuig/tou” waarmee ry- en/of trekdier aan mekaar verbind is, vgl. dVri J NEW s.v. *toom*.

toon I: s.nw., een v. d. 5 lede v. d. voet, (eufem.) *voetvinger*; Ndl. *toon* minder gew. as *teen* en blb. meer in noordooste v. d. Ndl. taalgebied, maar oor verkl. nog meningsverskille; Hd. *zehe*, Eng. *toe*, mntl. het *teen* en *toon* oorspr. 'n ausl. -n gehad, maar dit kan ook, soos by *skoën* (q.v.), uit die mv. i. d. ekv. deurgedring het.

toon II: s.nw., klank; Ndl. *toon* (Lmnl. *tone/toon*), Hd. *ton*, Eng. *tone*, “musikale of stemklank; aard/kwaliteit v. klank”, via Ofr. *ton* uit Lat. *tonum*, akk. v. *tonus*, Gr. *tonos*, “spanning” (v. snare of stembande).

toon III: ww., aandui, laat sien, wys; Ndl. *to(o)nen* (Mnl. *tonen* naas *tōghenen*), verw. aan vorme sonder anl. *t-* en verb. m. **oog**.

toon IV: s.n.w., in verbg.: *ten toon stel* en in sk. *tentoonstelling*, hou verb. m. **toon III**.

toontjie: pln. (*Mesembrianthemum hookeri*, fam. *Aizoaceae*), ben. n.a.v. vlesige stingel en wortel wat d. kinders geëet word (Mar 82).

toor: — (gew. meer fig. in bet. “bekoor”) *tower* — , deur sg. geheime krag ’n veronderstelde bonatuurlike mag uitoefen; Ndl. *to(o)veren* (Mnl. *toveren*), Hd. *zaubern*, afl. v. Mnl. *tover*, Ohd. *zoubar*, On. *taufr*, “toordery; toormiddel”, herk. verderop onseker — afl. *towenaar* uit Ndl. *to(o)venaar* deur diss. uit *to(o)veraar*.

toorgoed: toormiddels, reeds in Kol P se tyd deur d. Hottentotte *tovergoed* genoem (Scho TWK/NR 7, 2, p. 30).

toorn: boosheid, kwaadheid; Ndl. *toorn* (Mnl. *tor(e)n/toorn*, “toorn; verdriet”), Hd. *zorn*, misk. verb. m. Gr. *derein*, “afslag, vil” (m.a.w. iets verwyder wat pyn veroorsaak), vgl. dVri J NEW s.v. *toorn*.

toorts: fiits(lig); Ndl. *toorts(e)/torts(e)* en o.a. *torche/torsch* (Mnl. *torise/toorts*), Eng. *torch*, via Ofr. *to(ur)che* (Fr. *torche*) oor Ll. *torca* uit Lat. *torqua* (veronderstelde vorme) afg. v. Lat. ww. *torquere*, “draai” (wsk. gedraaide tou in pik of teer gedoop en aan brand gesteeke as ligbron); v. ook **tert**; vgl. Eng. *torque*, maar NED betwyfel verb. m. *tart*.

toowoombagras: gras m. fyn saadjie, ook bek. as *kwarrel(saad)* en *kanariesaad* (*Phalaris canariensis*, fam. *Gramineae*), genoem na plekn. Toowoomba (Queensland, Australië), oor *kwarrel-/kanariesaad* v. Mar 135.

top I: bopunt, kruin; Ndl. *top* (Mnl. *top*), Hd. *zopf*, “haarbos, stert, uiteinde”, *topf*, “top” (v. mas), *topf*, “pet”, v. ook **tol II**; vgl. dVri NEW s.v. *top* 1, v. ook Eng. *top*.

top II: afgespreek, goed; Ndl. *top* (na Kil) wsk. via Ned. *topp*, wu. Hd. *topp*, reeds 1351 *topp machen*, “’n afspraak maak” — Fr. *tope* en ww. *tope* wsk. uit ’n Germ. taal; vgl. dVri J NEW s.v. *top* 2; ook verb. m. Eng. *top*.

toppereend: soorte kuifkopeend (*spp.* *Anas/Fuligula/Nyroca*, fam. *Anatidae*); Ndl. *toppereend*, eerste lid *topper/toeper* hou verb. m. **top I** en het betrekking op d. eend se “kuif”.

tor: kewer (v. d. Orde *Coleoptera*); (fig.) minderwaardige mens; Ndl. *tor/torre* (Lmnl. *tor(re)turre*), hou wsk. verb. m. Mned. ww. *turren*, “gonsend vlie” en kn. v. herk., vlgs. dVri J NEW is verb. m. Kil se *tort-wevel* onseker, maar nie uitgesluit nie.

torbaniet: bep. soort skalie; Ndl. *torbaniet*, Eng. *torbanite*, ben. na die naam v. d. vindplek Torbane (Linlithgowshire, Eng.).

toreador: stiervegter; Ndl. en Eng. *toreador*, òf via Fr. *toréador* òf direk uit (veroud.) Sp. *toreador*, tans *torero* (verb. m. *torear*, “bulle beveg”, *toro* uit Lat. *taurus*, “bul”), verb. m. Eng. *steer*, Ndl./Afr. *stier* twyfelagtig.

toring: puntige bouwerk; Ndl. *toren/toorn/torre/torn(e)* e.a. ww. (Mnl. o.a. *tor(e)n/torre*), Hd. *turm*, Eng. *tower*; vorme m. ausl. -n misk. uit (veronderstelde) Ofr. *torn*, gaan terug op Lat. *turris*, Gr. *tursis*, “toring”.

tornado: orkaan, werwelstorm; Ndl. en Eng. *tornado*, Fr. (sedert 16e eeu) *tornado*, uit Port.-Sp. *tornado*, misk. d. metat. uit *tronada*, “donderstorm” (v. ww. *tronar*, “donder”).

tornyn(haai): daar is blb. twee soorte: 1. d. grote (*Carcharodon carcharias*, fam. *Lamnidae*) en 2. d. bloue (*Eulamia glaucus*, fam. *Galeidae*), blb. is d. ben. *tornyn* ten onregte toeg. op d. *Thunnus thynnus*, fam. *Thunnidae*; d. tonyne hoort by d. fam. *Scombridae*, en dit is nie duidelik of dié fam. met d. *Thunnidae* vereenselwig kan word of selfs verw. is nie, v. Pet A 507, Frank TB 129 en **tonyn**.

torpedo: ondersese projektiel; toep. op projektiel v. d. visn., eint. naam v. d. sidder-/trilrog *torpedo* (o.a. *Gymnotus electricus*, spp. *Raja* e.a. v. d. sg. *Elasmobranchii* of *Torpedinidae*); Ndl., Eng., Hd., Port. en Sp. *torpedo*, Fr. *torpille*, It. *torpilla*, uit Lat. *torpedo*, “lamheid” (uit ww. *torpēre*, “verlam”), ben. n.a.v. verlamrende uitwerking op vis deur elektriese belading en v. aanraking v. mense daarmee.

torring: naaisels losmaak; kwel; peuter; Ndl. *tornen/torren* (Mnl. o.a. *ternen*), deur metat. uit Hd. en Mnl. *trennen*, “skei”, hoofsk. Germ.

tortelduif: duifs. (o.a. spp. *Streptopelia* en spp. *Stictopelia*); Ndl. *tortelduif* (Mnl. *torteldūve*), Hd. *turteltaube*, eint. tout., want eerste lid (Ndl. *tortel*, Eng. *turtle* d. diss. uit ouer *turtur*) hou verb. m. Lat. *turtur*, “tortelduif” (wu. Fr. *tourtereau* via Ll. *turterellus*), wsk. kn., v. Pet A 507.

tossel: kunsmatige kwassie (bv. aan tafelkleedjies); Eng. *tassel* (dial.) *tossel*; by e.g. vorm is verb. gesoek m. (veronderstelde) Ll. *tassellus* uit Lat. *taxillus*, “stempeltjie”, by lg. vorm word gedink aan verb. m. Eng. *toss*, “beweeg; gooi; skud”.

tot I: voors. en voegw.; Ndl. *tot* (Mnl. *tot/tôte*), ss. v. Ndl. *toe* (Eng. *to*, Hd. *zu*) en *te*.

tot II: hoeveelheid drank, vgl. Afr. *dop*; Eng. *tot* (sedert vroeg 19e eeu), vgl. Pet A 507.

totem: dier of ding waarmee natuurvolke hulle verw. ag; Ndl., Hd. en Fr. *totem*, wsk. via Eng. *totem* uit taal (Alg., dial. Odj.) v. d. Rooihuide, *ototema*.

totterman(netjie): — *katotter(manne)tjie* — , “*penis*” (veral v. kleuter); Kil het *totel-manneken*, “figura eminens in aedificiis, quae aquas ore vel mentula fundit”, d.w.s. “figuur (wsk. i. d. vorm v. ’n dakspuier, Eng. *gargoyle*) by geboue uitstreckende wat die waters deur die mond of die *penis* afvoer” — in Afr. is d. ben. v. die weinig bek. dakspuier v. d. outydse boukuns op die *penis/mentula* v. kinders oorgedra, en die ww. *tot(t)el/tot(t)er* kom dial. in Ndl. voor, blb. reeds sedert Kil en sy tydgenote; by *katotter-(manne)tjie* die (gew.) koll. *ka-* (q.v.) wat ook reeds by Kil voorkom (v. *kaboedel/kaboel/boel*).

tou I: bindmateriaal (v. leer, vesel, ens.); Ndl. *touw* (Mnl. *tou(we)*, by Kil *touwe*), Hd. *tau*, Eng. *tow*, “vesel”; oor uitdr.: *oor die tou trap* v. Scho TWK 14, 1, p. 34–5.

tou II: — (soms dim.) *toutjie* — , Mar 82 en 127 skryf *touw(tje)* v. d. pln. (*Harpagophytum procumbens*, fam. *Pedaliaceae*), ben. n.a.v. touvormige lote oor grond versprei.

tower v. toor.

traag: langzaam; luiërig; Ndl. *traag* (Mnl. *trāghe/traech*), Hd. *träge*, “slap; traag”, hou verb. m. On. *tregr*, “langzaam, onwillig”; hoof. Germ.

+ **traagvis:** blb. ouer ben. (by Nieu *traeghvisch*) v. wat nou *trilvis* heet en vroeër *drilvis* (*Astrape capensis*) geheet het, v. Scho PD 8.

traak: aangaan, beïnvloed, raak; deur metan. ontst. uit verbg. soos: *dit (t)raak my nie; wat (t)raak dit my*, reeds by Boniface (vgl. Frank TB 139); *raak* uit Ndl. *raken*, “aanraak, bereik”, hou verb. m. Eng. *reach*, Hd. *reichen*, asook m. Ndl./Afr. *reik(en)* en *rek(ken)*.

traan I: s.nw. en ww., oogvog; oogvog afskei; vog afskei (bv. plante, o.a. wingerdstokke); Ndl. *traan* (Mnl. *traen*, “traan; druppel; vog”), Hd. *träne*, hou verb. m. Hd. *zähre*, Eng. *tear* en Gr. *dakru* (wu. Olat. *dacruma* wu. Lat. *lacrima*, “traan”).

traan II: robbe-/vis-/walvisolie, ens.; Ndl. *traan* (Mnl. *traen*, “walvisvet”), Hd. *tran*, “deur kook uit vet geperste druppel”, hou verb. m. **traan I**, by Kil *traen*, “vetagtige boomgom”.

traan III: aard, manier, wyse; i. verbg. *op d. ou traan*, volkset. v. *trant*, reeds by Kil i. bet. “gang”, en nog SNdl. dial. “langsame gang”, v. **trant**.

trag: poog, probeer; Ndl. *trachten* (Mnl. *trachten*, “bedink; versin”) hou wsk. verb. m. Lat. *tractāre*, “behandel; beoefen; verrig”, vgl. Eng. *treat*.

tralie: latwerk; Ndl. *tralie* (Mnl. *tralie/traelgie*) via Ofr. *traille/treille*, “traliehek” (Fr. *treille*, “prieel”) uit Lat. *trichila*, “prieel”, hou verb. m. Eng. *treillage* en *trellis*.

+ **tramas**: “horreltjies/orreltjies” (q.v.), reeds by Mans KHI, herk. onbek.; tentatief is aan d. hand gedoen verb. m. Mal. *tarima kasih*, “dankie sê” (dan wel by voorbaat dankie sê v. ekskusering), v. Frank TB 118 *tramkassie/trimakassi*.

trankiel: bedaard, kalm, rustig, stil; Ndl. *tranquil*, Eng. *tranquil* (1604), via Fr. *tranquille* uit Lat. *tranquillus*, “ongesteurd, stil” (Lat. *trans* = Fr. *très*, “baie” en Lat. *quies*, “stilte”); oor klank=ontw. v. **likied**.

transie v. **trassie**.

transportryer v. **togganger**, **waryer**.

trant: aard, manier, wyse; Ndl. *trant* (Mnl. *trant*, “gang, skrede”, vlg. Kil veroud., maar nog in SNdl. dial. in bet. “langsame gang”, mntl. verb. m. Ndl./Afr. *drentel(en)* en Eng. *tramp(le)*, ouer bet. gaan blb. uit van “manier v. loop”; v. ook **traan** III.

trapsoetjies: — *trapsuutjies* — , ook bek. as **kameleon**, **verkleur=mannetjie** (q.v.), vroegste datg. by Lat, vgl. Scho PD 82; Pet A 511 en Kloe HGA 139; oor *oe/uu* v. **soetjies**; ben. n.a.v. “lang=same, sagte beweging”; oor wdv. v. Kem WFA 162.

trapvloer: dorsvloer; dokg. by Lat, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 30.

trassie: — (dial. en minder bek., met nasg.) *transie* — , hermafrodiet, (ook bek. as) *moffiedaai* (v. **moffie** II), hou wsk. verb. m. Na. *tara-s*, “vrou”, vokf. *tarase/tarasi*, b.nw. *tarase*, ben. n.a.v. “die Hypertrophie der Labia minora” v. d. Hott. vrou (GMR II 5–6); vgl. verder Nien HOTT s.v. *eggenote* V en *vrou* I en VIII; v. **moffie** II/*moffiedaai*; reeds by Bosh VT 387–9.

trassiebos: pln. (*Acacia stolonifera*, fam. *Leguminosae*), ben. wsk. n.a.v. sy dubbelslagtigheid, v. Mar 81, 83 en 110 — sommige beweer dat hy ged. bo- en ged. ondergrondse plant is, ander dat hy eienskappe met versk. soorte doringbome gemeen het; v. ook Pet A 494.

+ **travallie**: — *travallie* — , vgl. **petallie**, **rapallie**, “hoefstal” (stal waarin perde beslaan word); “barensnood; inspanning”, blb. het *travallie* en *trawal* deurengelooop; Ndl. *travalje*, “noodstal”, maar soos Eng. *travail* ook “barensnood, swaar werk”, uit Fr. *travail*, “barensnood; foltertuing; swaar werk”, uit Ll. *trepalium* uit Lat. *tripalis*, “(stal) uit drie pale bestaande” (Lat. *tres*, “drie”, *palus*, “paal”); *travalje* ook by vWee 149; v. ook **trawal**.

+ **trawaat**: sterk wind; Ndl. *travaat* uit Port. *travados*, “orkaan”.

+ **trawal**: — *trawallo* — , moeilikheid, teëspoed; Port. *trabalho*, “ellende, kommer, lyding, sorg” (reeds by vLin II 200: “*trabalio* ende miserie”), hou ook verb. m. **travallie** en Eng. *travail* en *travel*; v. ook **travallie**.

trawant: begeleier, lyfwag, partygenoot; Ndl. *trawant* (na Kil), Hd. en Tjs. (reeds 15e eeu) *drabant* (later) *trabant*, Fr. *drabant/trabant*, It., Port. en Sp. *trabante*, misk. uit Pers. *dārbān*, “deur-bewaarder”; vgl. verder Fr. *truand*, Eng. *truant* en Mnl. *truwant*.

tred v. **tree**.

tree: afstand v. ong. 3 voet; (dim.) *treetjie*, loopvlak v. huis/stoep; Ndl. *tred/trede/tree* (Mnl. *trede/terde*), Hd. *tritt*, Eng. *tread*, hou verb. m. ww. Ndl. *treden* en Hd. *treten*, Afr. ook *tree*, asook m. Eng. *trade*, en langs ’n omweg m. Fr. (mntl. uit Germ.) s.nw. *trot*, “draf”, ww. *trotter*, “draf”, *trottoir*, “sypaadjie langs straat” (wu. weer Eng. *trot* en *trottoir*).

tregter: keëlvormige buis; Ndl. *trechter* (Mnl. *trechter/trachter*), Hd. *trichter*, hou verb. m. Lat. *trājectōrium* (ww. *trajicio* (uit *transjicio*), “deurgooi”), d.w.s. toestel om iets (gew. vloeistof) deur te gooi.

+ **tregterbroek**: outydse tregtervormige broek, nou by d. knieë en wyd na d. voete.

treiter: — *tretter* — , pla, tart, terg; Ndl. *treiteren/traiteren* (na Kil), dial. ook *trêteren*, afl. v. *treiter/traiter*, soos Eng. *traitor*, uit Fr. *traître*, “verraaier, valsaard”, hou verb. m. Port. *traidor* (wu. Ndl. tydens d. O.I.C. *traidoor/treido(o)r*), It. *traditore*, uit Lat. *traditor*, “verraaier” (ww. *tradere*, “oorgee, hensop”).

+ **trekbok** v. **pronkbok**, **springbok**.

trekketting: ketting waarmee d. osse ’n wa trek; by Scho TWK/NR 7, 2, p. 30 dokg. by Spa en GMR IV 53.

trektou: soos **trekketting**; by Scho TWK/NR 7, 2, p. 31 dokg. by Duminy, Bur en Trig, v. ook Pet A 515.

trem: bep. soort voertuig; Ndl. *tram/trem*, uit Eng. *tram*, eint. re-dukv. v. *tram-car*, na d. vb. v. *tram-road* en *tramway*, waar *tram* betrekking gehad het op d. "spore" waarop waentjies i. d. steenkoolmyne geloop het, en nog vroeër op d. "re(i)lings" v. sulke waentjies.

trens: stang v. karperdtoom, met of sonder kopstuk; Ndl. *trens* (by Kil *trense*), Hd. *trense*, uit Sp. *trenza*, "haarvlegsel" (mntl. is *trense* v. perdesterthaar voor dié v. metaal gemaak).

tretter v. **treiter**.

treu v. **tru**.

treur v. **uittentreure**.

trewwa: (ged. redupv.) *ewwa-trewwa* (vgl. *eksie-perfeksie*), *trêwa/trêwer* (vWiel 197), *ewa trewa*, *travers/trevers* (Pet A 165-6, 515), *ewa-trewa* naas *ouma-trewa* (Mar 26, 63 en 143), orgidees. (*Satyrrium coriifolium*, fam. *Orchidaceae*), reeds by Thun as *trewa*, daarnaas by Mar 83 en 143 *tryphia* ('n ben. nêrens elders teëgekome) vir 'n ander orgidees. (*Holothrix lindleyana*), sou *trewwa* misk. uit (hierdie weinig bek.) *tryphia* ontst. het (vgl. *disa*)? Hou *ou trewwa*, "sukkelaar" (Malh DF AS 333) verb. hiermee? Gewens ontbreek nog om dié vrae te beantw.

?+ **triepa:** Scho TWK 14, 1, p. 35 haal dit uit 1862 in vorm *tripa* aan as ben. v. so iets as "blatjang", en wel "uit geen ander bron bekend nie".

triersterig: — *triestig/triets(er)ig* —, droewig, somber; Ndl. *tri(e)stig*, afl. met *-ig* uit *triest/trist(e)*, in SNdl. betreklik oud en "volks", in NNdl. in 'n mate "literêr", via Fr. *triste* of direk uit Lat. *tristis*, "treurig".

trilgras: ook bek. as *bewertjie(s)*, pln. (*Briza media*, fam. *Gramineae*), ben. n.a.v. ligte beweeglikheid.

trilvis: vroeër bek. as *drilvis*; vgl. verder Scho PD 8, 37 en 53 en v. **torpedo** en **traagvis** hierbo, asook Pet A 515.

trippel: bep. gang v. 'n perd; m. haastige kort treetjies beweeg; Ndl. *trippelen* (by Kil *trepelen/trippelen*), frekw. v. *trippen*, soos Hd. *trippeln*, Eng. *trip*, hou verb. m. Ndl./Afr. *trap(pen)*, hoofs. Germ.; vgl. Pet A 515-6.

trippens: silwermuntstuk ter waarde v. drie pennies; Eng. *threepence* (ook met uitspr. v. kort vok. in eerste letg.)

troebel: — *troewel* — , onhelder, vuilerig; Ndl. *troebel/troubel/trouble* (Mnl. *troebel/turbel*), soos Eng. *trouble*, via Fr. *trouble* uit Lat. *turbidus*, “verward; modderig; opstandig”, vgl. Eng. *turbid*, *turbulent*.

troef: s.nw. en ww., kaart v. wenreeks; so 'n kaart speel; uitoorlê; Ndl. (reeds by Kil) *troef*, Hd. *trumpf*, Eng. *trump*, via Fr. *triomphe* (vgl. It. *trionfo*, Sp. *triunfo*, Port. *triumpho*) uit Lat. *triumphus*, Gr. *thriambos*, “feestelike optog ter ere v. Bacchus; oorwinning”.

troei v. tru.

troep I: doeb. v. *trop*, musiek-/toneelgeselskap; Ndl. *troep* (by Kil *troepe*, “menigte, skare”) uit Fr. *troupe*, “bende, groep, hoop, skare”, v. ook **trop** en Kloe HGA 293, 307, 310.

troep II: soldaat; misk. as ekv. geabstr. uit mv. Ndl. *troepen*, Afr. *troepe*, ook Eng. *troops*, maar Eng. *trooper* kon meegewerk het aan Afr. gebr. v. *troep* in ekv. en as “soldaat”; vgl. **troep I** en **trop**.

troetel: liefkoos, streel; Ndl. *troetelen* (by Kil *troetelen*, “betas, streel; vlei”) 'n frekw. by Mhd. *trüten/triuten*, “liefhê, liefkoos”, hou verb. m. Mnl. *druut*, “minnaar; vriend”.

troewel v. troebel.

troffel: messelwerktuig; Ndl. *troffel* (Mnl. *trufel/truyfel/truffel*, by Kil *troffel*, dial. *troef(f)el/truffel*), misk. na vb. v. Ndl. *schoffel*, daarnaas Ndl. *truweel* (Mnl. *tr(o)uweel*), Eng. *trowel*, uit Fr. *truelle* uit Lat. *tru(e)lla*, “troffel”, dim. v. *trua*, “roerlepel”.

trog: bak, (veral) voerbak v. varke; Ndl. *trog* (Mnl. *troch*), Eng. *trough*, verb. m. Eng. *tray* onseker, maar nie uit te sluit nie.

+ **troggel v. afrokkel.**

trok I: goederewa (by spoorweë); Eng. *truck*, gaan terug op Lat. *trochus*, “hoepel”, Gr. *trochos*, “wiel”.

+ **trok II:** s.nw. en ww., handel; handel drywe, (ver)ruil; in Kaapse Stukke 1659 (Hes HA² 92 se 1959 drukfout); o.a. ook by vRieb, bv. *in troque* (“in ruil”), “cralen niet *getrocken*” (“geruild”), hou verb. m. Fr. *troquer*, Port. *trocar*, Eng. *truck*, uit Ll. *trocare*, “ruil”, v. Kloe HGA 282, 307.

trollie: ligte karweiwaentjie; Eng. *trawley/troll(e)y*, wu. Ndl. *trolley*, wsk. verb. m. Eng. *troll* uit Ofr. *troller* (Fr. *trôler*), “(rond)= swerwe” (met karweiwerk).

- + **trombas**: gew. mv., (volkset.) *trompette*, seebamboes; by vRieb *trombas/trompas*, uit Port. *tromba*, “(olifant)slurp” — d. drywende seebamboes (n.a.v. vorm *trombas/trompas* genoem) was een v. d. tekens dat land genader word, vandaar dikw. vermelding in reisverhale v. d. 17e/18e eeu, v. Frank TB 127–8.
- tromp**: geweerloopmond; (olifant)slurp; trompet; Ndl. *tromp* (Mnl. *trompe*, “basuin, trompet”, by Kil *trompe*, “blaasinstrument, trompet; olifantslurp”) gew. afg. v. Fr. *trompe*, maar lg. weer v. Ohd. *trumba/trumpa*; v. ook **trombas**.
- trompet**: blaasmusiekinstrument; Ndl. *trompet* (Mnl. *trompet*), Hd. *trumpete*, Eng. *trumpet*, uit Fr. *trompette*, dim. v. *trompe* (v. **tromp**); v. ook **trombas**.
- trompetblom**: pln. (*Tecomaria capensis*, fam. *Bignoniaceae*), ben. n.a.v. vorm.
- trompetlelie**: blb. ook ’n ben. v. *varklelie* (vroeër *Richardia africana*, soos by Pet A 295, 371 en 516, nou *Zantedeschia aethiopica*, fam. *Araceae*, soos by Mar 7, 85 en 136), ben. n.a.v. vorm.
- trompette**: mv. v. **trompet** (q.v.); v. ook **trombas**, **trompetter**.
- trompetter**: trompetblaser; (ook) pln. (*Gladiolus tristis (concolor)*, fam. *Iridaceae*), ben. wsk. n.a.v. vorm.
- trompie**: eenvoudige snaarmusiekinstrumentjie, ook bek. as **stolotolo** (q.v.), ben. wsk. n.a.v. feit dat mondholte as resonansieruimte vir sg. “harpie” dien en dan m. blaasinstrumente assos. wek.
- tromp-op**: dadelik, onverwags, reguit, skielik, gew. i. verbg.: *iemand tromp-op loop*; hou verb. m. **tromp** (q.v.), vgl. verder Malh DF AS 334 en Scho TWK 14, 1, p. 35 m. aanh. uit 1862 — ouer bet. blb. ong. “iemand of wild verras deur onverwags die bek v. d. geweer teen hom te druk”, Malh wys op 17e-eeuse Ndl. *iemand de tromp op de borst zetten*.
- tronie**: (minder vleierend) gesig, gevreet; bakkies; Ndl. *tronie* (Lmnl. *tronie/trongie*) uit Fr. *trogne*, wsk. uit Kel. (vgl. Kim. *trwyn*, “neus, snuit”).
- tronk**: gevangenis; Port. *tronco*, “blok; gevangenis” (gebr. end 17e eeu nog enigszins dubbelsinnig, begin 18e eeu duideliker), vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 31 wat betoog dat sem. ontw. nie a. d. Kaap hoof plaas te gevind het nie.
- trop**: doeb. v. **troep** I, groot aantal, groep, menigte, skare; SNdl. en dial. Ndl. *trop* (Mnl. *trop*), wsk. uit Ll. *troppus*, “kudde”, naas *troep* uit Fr. *troupe*, “menigte” — by vRieb o.a. “een *trop* soldaten”, vgl. Kloe HGA 293, 307 en 310.

tros: bondel (i.v.m. blomme en vrugte, bv. druiwe), (dan ook) groep (bv. kinders); Ndl. *tros* (by Kil *tros(se)/torsch*), hou vlg. dVri J NEW geen verb. m. Ndl. *tros* (v. Rom. herk.), “bagasie=trein v. leër” nie, wsk. wel m. Oeng. *trūs*, “afgevalle blare en takkies”, dan WGerm. wd. wat net in Ndl. en dial. bewaar gebly het.

trots: s.nw., b.nw. en bw., fier(heid), hoogmoed(ig); Ndl. *trots(ch)* (eers by Kil) uit Hd. *trotz* (uit Bybelt. v. Luther), Mhd. *trutz/tratz*, Mned. *trots*, “trots”, hou blb. verb. m. voors. *trots* (nog nie by Kil nie) in bet. “ondanks” (uit bet. “weerspanning”); v. ook **tart**.

trou I: s.nw. (bv. in uitdr.: *iemand hou en trou sweer*), getrouheid, lojaliteit; Ndl. *trouw* (Mnl. *trouwe/truwe*), Hd. *treue*, afl. v. **trou II**.

trou II: b.nw., getrou, standvastig; noukeurig; Ndl. *trouw* (Mnl. *(ghe)trouwe/-truwe*), Hd. *treu*, Eng. *true*, hou verb. m. *be-/ge-/vertrou*; hoof. Germ.

trou III: ww., in d. huwelik neem/tree; Ndl. *trouwen* (Mnl. *trouwen/truwen*, “hu”) hou verb. m. **trou I**, “belofte v. huwelikstrou”.

trouand: onderpand v. huwelikstrou; blb. nie in Ndl. nie, wel *huwelijksband*.

trouant: voëls. (*Coracias garrulus*, fam. *Coraciidae*), ben. wsk. d. oordrag v. *trouand* n.a.v. kleurryke en spoggerige voorkoms v. voël.

tru: — *tru/troei* — , uitr. v. diere (veral koeie) om terug te staan; Ndl./Afr. *terug* (Mnl. *terugghe* = *achter rugghe*), Hd. *zurück* (vgl. Eng. bw. *back* uit *aback* uit Oeng. *on baec*, “na agter”), tans in ss. v. tegn. aard, bv. *trurat* en *truterugtrekveer*.

trui: (vroeeër gew.) jersie; Ndl. *trui* (nie by Kil nie, wel by vdSch *troy*), On. *treyja*, “soort (leer)baadjie”; oorspr. onseker, mntl. Skand.

trul: “*penis*”; by Kil *trul/trulleken* m. verwysing na *totel-manneken*, v. **totterman(netjie)**, vgl. Frank TE 26–7.

trust: beheer oor gesamentlike bates; Eng. *trust* (wu. Ndl. *trust*), wsk. verb. m. On. *traust*, “beskerming”, hieruit ook *trustee*, “kurator”, uit Eng. *trustee* (wu. Ndl. *trustee*).

tryp: bep. tekstielstof; Ndl. *trijp* (by Kil *trijp/trijpe*) uit Fr. *tripe*, reeds 13e eeu *triperie*, “trypfabriek”, en 14e eeu *trippe de velours*, “tryp van sy” (eint. fluweelagtige tryp) — nie uit te maak nie of Eng. *tripe*, (tans) “afval”, maar eint. *reticulum* v. dier, hiermee verb. hou.

tsaar: (vroeër) Russiese Keiser; Ndl. *tsaar*, Eng. *czar/tsar/tzar*, pogings om d. Rus. uitspr. v. Lat. Caesar (wu. Ndl. *keizer*, Afr. *keiser*) weer te gee; vr. *tsarina* e.a. ww. v. “seun” en “dogter” v. d. *tsaar*.

tsamma: wilde meloens. (*Citrullus vulgaris*, fam. *Cucurbitaceae*); Na. *tsāmā-s* (Kroen), wat misk. verb. hou met d. Hott. vorme v. *kam(ma)*, “water” (Nien HOTT s.v. *water* I tot V, behalwe II); v. **kaffer-/wildewaatlemoen**.

tsarina v. **tsaar**.

tsessebe: — *sassabie* —, antiloops. (*Damaliscus lunatus*, *Acronotus/Alcelaphus lunata*, fam. *Bovidae*), ook bek. as *basterhartbees* (by Del II 370, vlgs. Scho PD 80); Tsw. *tsesebe/sassaybe* (by Harris W plaat teenoor 64 en 348), *sassaby* (NED) en *sassaby/tsesseby/tsessebe* (Web).

tsetsevlieg: gevaarlike steekvlieg (*Glossina morsitans*, fam. *Tabanidae*); Tsw. *tsêtsê*, wsk. koll. (sonder mv.), hou misk. verb. m. Tsw. *(n)ts(h)i*, “vlieg”, *(mo-)tshi-tshi*, “swerm vlieë”, en m. NSo. *(le-)tsetse*, “vlooi”, mv. *(ma-)tsetze*, terwyl *tsetze* en *(se-)tsetze* (albei mv. *li-*) deur End (606) ondersk. word as “giftfliege” en “tsetsefliege”, v. ook Pet A 517.

tsjwala v. **djoeala**.

tsotsie: ordelose naturellekwajong, gew. lid v. ’n bende; ook S.A. Eng. *tsotsi*; indien Bant., dan wsk. betr. nuut — hou dit verb. m. Xh. *(isi-)tshoto*, “wat ru is”, *(um-)tshotsho*, “lawaaierige nagtelike dans”, of m. NSo. *thsos(h)a*, “verskrik”, SSo. *tsotsana*, “veg”?

Tswana v. **Betsjoeana**.

tug: oefening; gehoorsaamheid, dissipline; straf; Ndl. *tucht* (Mnl. *tocht/tucht*), Hd. *zucht*; hierby ww. Ndl. *tuchtigen*, Hd. *züchtigen*, “straf”, en Mnl. *tuchtich*, Hd. *züchtig*, “ingetoë, gedissiplineerd”.

tuin: kweekplek v. blomme, groente, vrugtebome; lushof; Ndl. *tuin* (Mnl. *tuun*, “omheining, omheinde ruimte”, in dié bet. nog dial. Ndl.), Hd. *zaun*, “omheining”, Eng. *town*, “dorp, stad” (in Oeng. nog “omheinde ruimte”), hou wsk. verb. m. Kel. *dūn*, “versterkte plek”; hoof. Kel. en Germ.

tuis: by d. huis; (fig.) op jou gemak; Ndl. *thuis* (uit *te* + *huis*), Ndl. en Afr. nog *tehuis*, (gew.) “inrigting” (bv. vir leerlinge, oues v. *dae*), Afr. nog *tuiste*, “woonplek” (i. d. alg.); v. ook Kloe HGA 214.

tuit: vernouende skinkpyp v. houër (bv. koffiekann, teepot, ens.); Ndl. *tuit* (Mnl. *tûte/tuy-/toyte*, "puntige voorwerp (soos horing, kardoes); skinkkan; haarvleg"), Hd. *tûte/dûte*, "puntsakkie"; hierby ww. Ndl. *tuiten*, Afr. *tuit*, "suis" (bv. ore), reeds Mnl. *tûten*, "suis", Hd. *tûten*, "op 'n horing blaas", Eng. *toot*, "toeter"; hoofs. Germ. en kn.; vgl. ook Kloe HGA 163; v. ook ut II, ydel~~tuit~~.

tulband I: hoofdeksel om d. kop gedraai; Ndl. *tulband* (by Kil *turbant*, ook *tulpe*), Hd., Eng. en Fr. *turban*, It. *turbante*, Port. en Sp. *torbante*, uit Tur. *tulbend/dulbend*, Pers. *dulbând* (uit *dil*, "hart" en *bând*, "bind"), eint. "hartverrukkend" — ook toeg. op 'n soort koek wat deur sy vorm aan 'n tulband laat dink, v. verder *tulp*.

tulband II: blom- en pln. (vlg. Pet A 518 *Lilium martagon*, fam. *Liliaceae*, in Eng. bek. as *Turk's Cap*), ben. n.a.v. vorm v. blom.

tulp: blom- en pln. (d. S.A. wilde soorte is *spp. Homeria* en *spp. Moraea*, fam. *Iridaceae*); d. gekweekte soorte waarby Ndl. *tulp* (by Kil *tulipa*) is *Tulipa gesneriana*, fam. *Liliaceae*, Hd. *tulpe*, Fr. *tulipe*, Eng. *tulip*, It. *tulipa/tulipano*, v. dies. herk. as *tulband I*; v. ook Pet A 518.

+ **tulpboom:** ouer ben. v. *suikerbos* (*Protea mellifera*, fam. *Proteaceae*), v. Pet A 519 en Scho PD 67.

turf: bep. gronds. (i.d. buiteland v. oudsher as brandstof gebr.); Ndl. *turf* (Mnl. *torf/turf*, "grasveld; sooi; turf"), Hd. *torf*, Eng. *turf*, hou verb. m. Skt. *drbha-*, "bossie gras"; sedert vroegste tye bet. "grassooi" en sulke sooie later as brandstof gebr.

turkoois: bep. edelgesteente; Ndl. *turkoois* (Mnl. b.nw. *turkoys*, by Kil *turckoys*), Hd. *türkis*, Eng. *turquoise*, uit Fr. *turquoise*, vgl. Port. *turqueza*, Sp. *turquesa*, It. *turchina* (s.nw.), *turchino* (b.nw.), almal uit Tur. *tür*, eint. "gesteente uit Turkye".

+ **turkseboontjie:** etlike male by vRieb as *turcse/Turckse/Turksche boonen*, wsk. 'n gekweekte soort (*spp. Phaseolus*, fam. *Leguminosae*) en geen verb. m. Pet A 519 se *Turkey berry* (*Plectronia ventosa*, fam. *Rubiaceae*) nie, ook bek. as *skaapdrolletjie* (Pet A 426, Mar 73, 129 en Scho PD 83), opvallend by vRieb se vorme is verboë vorm v. d. adj. in teenstelling m. bv. *spaans-* en *turks-* in Afr. sk. v. dié aard, vgl. *turksvy*.

turksnael: by vWiel 20, 113, 130 as "muskusgras", maar Mar 83, 112 het *turksnael* as "muskuskruid" (*Erodium moschatum*, fam. *Geraniaceae*), nie duidelik of ons in tweede lid te doen het met *naald*, *nael/nawel* of *snawel* nie, vgl. Heuk 95 s.v. *spp. Erodium* o.a. *herdersnaelde*, *storksnael* (vgl. *ooievaars-/reigersbek* aldaar).

turksvy: — *turksvyg* — , pln. (*spp. Opuntia*, fam. *Cactaceae*); in Afr. by dié tipe onverboë vorme, bv. *turksvy(g)*, *turksnaels*, soos *spaansvlieg*, teenoor los verbg. (dan ook hoofletter) *Turkse bad*; in Ndl. na gelang v. gesl. en lw., bv. *Turks bad* en *Turkse tarwe*; vgl. vRieb se *turkse boonen* hierbo, asook Teenstra se *Turksche vijgen* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 31).

tussen: voors., dui plek aan wat so geleë is dat daar iets aan weers=kante in ruimte en tyd is; Ndl. *tuss(ch)en* (Mnl. *tusscen/twusscen/twisscen*), Hd. *zwischen*, Eng. *between/betwixt*, hou verb. m. Lat. *duo*, Gr. *duo/duō*, “twee”; v. dVri J NEW oor verspreiding v. Ndl. vorme met *tus-* en *twis-*.

tussenbei: tussen twee; (fig.) taamlik; Ndl. *tuss(ch)enbei(de)*, v. **tussen** en **bei** II.

tuur: skerp kyk; Ndl. *turen* (nie by Kil nie), mntl. uit seemt., herk. onbek.

twa(gras): pln. (*spp. Aristida*, fam. *Gramineae*), by Mar 84, 134 *toa/t'waa*; Hott. vorme in bet. “gras” kan simplisties as *'tka-p* weergegee word, *twagras* (soos o.a. by Pet A 519) dus eint. tout. (v. Nien HOTT s.v. *gras*, sy verwysing na *koring* I moet II wees), vgl. Na. *toa-b* (Olpp).

twak: — hoë frekw. in sprt. as ww. v. **tabak** (q.v.), enigste vorm in bep. verbg. soos: *twak praat*; *sy twak is nat*; herk. soos by **tabak**, meer bep. uit sg. dial. vorme met geronde vok. in eerste letg., soos o.a. dikw. by vRieb *toeback/toebacq/tobacq/toback/tobbaq*.

tweekopslang: slangs. wat oënskynlik twee koppe het, een voor en een agter, ben. toeg. op 1. *Typhlops bibronii* (fam. *Typhlopidae*) en 2. *spp. Glauconida* (fam. *Glauconidae*) waarvan 1. ook bek. staan as *erdslang*, v. Pet A 519 en WAT s.v. *erdslang* in bet. 2.

tweeling: gelyktydig gebore diere-/kinderpaar; een v. so 'n paar; Ndl. *tweeling* (Mnl. *twelinc/twilinc*), Hd. *zwillling*, hou verb. m. Lat. *duo*, Gr. *duo/duō*, “twee”, v. **tussen**; v. dies. herk. maar anders v. vorm Eng. *twinn(s)*.

tweelingsusters: pln. (*Streptocarpus rexii*, fam. *Gesneraceae*), ben. n.a.v. blomme paarsgewyse aan stingel (Mar 84, 128).

tweespalt: — (volkset.) *tweespalk* — , onenigheid, twis, verdeeldheid; Ndl. *tweespalt* (by Kil *twee-spalt*), uit Hd. (1525) *zwiespalt*, verb. m. Mhd. b.nw. *zwispeltec*, waarvan tweede lid nog net in Ndl. ss. voorkom in bet. “kloof”, wat weer verb. hou m. Ndl. *spouwen*, “kloof, splyt”.

twis: onenigheid, rusie, tweedrag; Ndl. *twist* (Mnl. *twist/twest*), Hd. *zwist*, Eng. *twist*, “koord m. twee of meer drade” en ww. “draai” wsk. uit SNdl. met Vl. wewers — *twis* hou, soos *tussen* en *tweeling*, verb. m. *twee*.

twyfel: s.nw. en ww., besluiteloosheid, onsekerheid; (as ww.) besluiteloos/onseker wees; Ndl. *twijfel* en *twijfelen* (Mnl. *twīvel/twīfel*; *twīvelen/twīfelen*), Hd. *zweifel* en *zweifeln*; eerste lid hou verb. m. *twee* en tweede wsk. m. tweede lid v. Lat. (*du*)*plus*, Gr. (*di*)*plous*, “tweevoudig”; *twyfel* dus eint. “tweevoud” of “op twee gedagtes hink”.

tyd: verlede, hede en toekoms; Ndl. *tijd* (Mnl. *tijt*), Hd. *zeit*, Eng. *tide*, v. dies. herk. maar anders v. vorm Eng. *time*; herk. hoërop onseker.

+ **tyfer** v. **teifer**.

tyg v. **aantyg**, **tog** I.

tyk: bep. tekstielstof; Ndl. *tijk* (Mnl. *tike/teke*), NHoll. *teek/tiek*, Hd. *zieche*, Eng. *tick(ing)*, uit Lat. *thēca*, Gr. *thêkê*, “omhulsel”.

U

u: beleefde aansprv. v. d. pers. vnw., ekv. en mv., as ondwv. en as voorwv., ook as bes. vnw.; Ndl. *u* (as ondwv. sedert eerste helfte v. d. 17e eeu in d. Holl. AB), as bes. vnw. *uw*; ontst. uit *Uedele*, afk. *U Ed.*, uit *Uwe Edelheid*, skryfwyse *uwe* (eers m. klem *uwé*, later *úwe*), hou verb. m. Os. *eu(g)iu*, Ohd. *iu*, Oeng. *eow*, v. dVri J NEW en Scho TO 64–8 en 74–81.

ui: dim. *ui(e)tjie*, pln. (*Allium cepa*, fam. *Liliaceae*); Ndl. *ui* (Mnl. *uyen/uyens*, wsk. as mv. opgevat en daaruit nuwe ekv. geabstr., vgl. Ndl. *schoen*, v. Afr. **skoen**), ondanks besware wel doeb. v. *ajuin* (Mnl. o.a. ook *onioen*), òf vroeg uit 'n Rom. taal òf later meer bep. uit Fr. *oignon*, hou verb. m. Eng. *onion* en Lat. *unio* (gen. *unionis*), v. ook **uintjie** en vgl. dVri J NEW.

uier I: s.nw., melksak v. bep. soogdiere; Ndl. *uier* (Mnl. *uder*, m. wv.), Hd. *euter*, Eng. *udder*, hou verb. m. Lat. *uber*, “tepel; uier”, Gr. *outhar*, “bors; uier”.

uier II: ww., uier kry; dragtig wees (v. diere), afl. v. **uier** I; blb. nie i. AB as ww. nie, wel dial. Ndl. (bv. Gron.) *uren*, m. ongedift. *ū*.

uil: bep. nagroofvoël (*spp. Strix*, fam. *Strigidae*); Ndl. *uil* (Mnl. *ūle*, naas *uuf*, “bep. soort uil”), Hd. *eule*, Eng. *owl*, hou verb. m. Lat. *ulula* en *ulucus*, almal kn.